

Afrikaans Eerste Addisionele Taal Graad 4

By:
Siyavula Uploaders

Afrikaans Eerste Addisionele Taal Graad 4

By:

Siyavula Uploaders

Online:

< <http://cnx.org/content/col11082/1.2/> >

C O N N E X I O N S

Rice University, Houston, Texas

This selection and arrangement of content as a collection is copyrighted by Siyavula Uploaders. It is licensed under the Creative Commons Attribution 3.0 license (<http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>).

Collection structure revised: October 21, 2009

PDF generated: February 6, 2011

For copyright and attribution information for the modules contained in this collection, see p. 187.

Table of Contents

1 Kwartaal 1

1.1 Aangename kennis	1
1.2 Luister ook na ander	6
1.3 Spel korrek	10
1.4 Ek ruik met my neus	14
1.5 Wie is dit?	21
1.6 Tweeling!	24

2 Kwartaal 2

2.1 Ons familie	29
2.2 Twee soorte gesinne	34
2.3 Manlik en vroulik	39
2.4 Oupa en Ouma	45
2.5 Van een taal na 'n ander	50
2.6 Woordeskat	56
2.7 My huis	60
2.8 Wie woon daar?	65
2.9 Die sitkamer	71
2.10 Die slaapkamer	74
2.11 Die badkamer en kombuis	84
2.12 Spelling en woordeskat	91
2.13 Huisskoonmaak	97
2.14 Huis te koop	102

3 Kwartaal 3

3.1 Winkel-winkel	107
3.2 Ken die alfabet	112
3.3 Ken jou dorp	114
3.4 Woordbou en spelling	120
3.5 Die speelgoedwinkel	125
3.6 Die bloemiste	130
3.7 Die skoenwinkel	133
3.8 Die restaurant	136
3.9 Die klerewinkel	139
3.10 Op die mark	143
3.11 Die mense in ons dorp	146

4 Kwartaal 4

4.1 'n Nuwe klasmaat	151
4.2 Welkom by ons skool	154
4.3 Skoolwoorde	158
4.4 Dae, maande en jare	163
4.5 Instruksies en Teenoorgesteldes	167
4.6 Gedigte	172
4.7 Woordbou	177
4.8 'n Rugbydag	183

Attributions	187
--------------------	-----

Chapter 1

Kwartaal 1

1.1 Aangename kennis¹

1.1.1 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

1.1.2 Graad 4

1.1.3 WIE IS EK?

1.1.4 Module 1

1.1.5 AANGENAME KENNIS

1.1.5.1 Aktiwiteit 1

1.1.5.2 Om aan ‘n gesprek deel te neem [LU 2.1.3]

Vul die volgende inligting in om iets oor jouself te vertel.

Bespreek eers in jul groepe die gebruik van die hoofletter. Die kontrolelys onderaan sal vir jou help.

Persoonlike inligting

Naam en van:.....

.....

Graad:.....

Adres:.....

.....

Ouderdom:

Het jy die volgende onthou?

- hoofletters vir name en vanne, bv. Santie Smith.
- hoofletters vir name van strate, bv. Hoofstraat, Derdelaan.
- hoofletters vir name van dorpe en stede, bv. Houtbaai, Thabazimbi.

¹This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26282/1.1/>>.

1.1.5.3 Aktiwiteit 2**1.1.5.4 Om vir inligting te lees [LU 3.3.5]**

Lees eers die leesstuk in julle groepe deur en soek dan elkeen op jul eie al die name van liggaamsdele uit en ondersteep die woorde.

Vergelyk jou woorde met die res van die groep. Kyk wie die meeste woorde gekry het.

Ek Sal Hulle Wys!

Die kinders terg my alweer oor my sproetgesig en rooi hare! Eben, my beste maat, het dan 'n krom neus en bakore. John het vet bolwange wat dril as hy hardloop en Manus se ken is skeef en lank. Grace, sy suster, is weer haasbek, want sy wissel haar tandé en NIEMAND terg vir hulle nie!

Ek wens ek weet hoe om vir hulle te laat besef dat ek, net soos hulle, twee gesonde bene, twee sterk arms, tien vingers en tien tone het.

Ek, Tony, kan mos vinnig hardloop en net so hoog soos Manus spring. Dalk wen ek die beker vir die beste krieketspeler en dan sal almal van my hou, al het ek 'n sproetgesig en rooi hare!

1.1.5.5 Aktiwiteit 3**1.1.5.6 Om woordeskat op te bou [LU 3.6.2]**

Sing die liedjie terwyl jy na die verskillende gesigsdele wys. Sing dit een keer deur en daarna kan die name van die dele van die gesig een vir een uitgelaat word, maar wel met aksies aangedui word.



Figure 1.1

Nou ken jy die name van die dele van jou gesig. Leer die woorde se spelling.

1.1.5.7

1.1.5.8 Aktiwiteit 4

1.1.5.9 Om te leer om korrek te spel [LU 4.5.2]

Die marionet ken nie sy liggaamsdele se name nie. Help hom asseblief deur die woorde langsaan te skryf. Vul die woorde eers op jou eie in. Jy kan gebruik maak van die woorde wat jy by die vorige oefening omkring het.




Figure 1.2

ASSESSERINGSTABEL VIR WOORDESKAT

Nadat jy die takie voltooi het en die spelling van die woorde gekontroleer het, merk af wat jou taak die beste beskryf.

KRITERIA

- (a) Pas die woorde by die dele van die prent.
- (b) Baie verwarring en baie woorde uitgelaat.
- (c) Die woorde pas nie almal nie. Al die woorde is nie ingevul nie.
- (d) Enkele woorde is verkeerd ingevul.
- (e) Al die woorde pas.
- (f) Spel die woorde korrek.
- (g) Te veel spelfoute. Die meeste woorde is verkeerd gespel.
- (g) Te veel spelfoute. Die meeste woorde is verkeerd gespel.
- (h) Spelling kort nog aandag.
- (i) Enkele spelfoute.
- (j) Al die woorde is korrek gespel.
- (k) Skryf die woorde duidelik.
- (l) Onleesbaar en onnet.
- (m) Leesbaar, maar onnet.
- (n) Netjies, maar te klein of te groot geskryf.
- (o) Netjies en die regte grootte skrif.

1.1.5.10 Assessering

1.1.5.11 LEERUITKOMS 1: LUISTER

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en kritis binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.

1.1.5.11.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

1.2 mondelinge instruksies, aanwysings en beskrywings verstaan:

- fisiek op instruksies reageer (soos hoe om iets te maak).

1.1.5.12 LEERUITKOMS 2: PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

1.1.5.12.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

2.1 interaksie in sy/haar addisionele taal voer:

2.1.3 deelneem aan 'n kort gesprek oor 'n bekende onderwerp.

1.1.5.13 LEERUITKOMS 3: LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

1.1.5.13.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- lees vir inligting:

3.3.5 met ondersteuning 'n opsomming van 'n paragraaf maak (vul byvoorbeeld ontbrekende woorde in 'n paragraaf in);

3.5 vir genot en inligting lees:

- · raaisels oplos (soos blokkiesraaisels);
- naslaanwerke gebruik en woordeskat ontwikkel;

3.6.2 'n leeswoordeskat van ongeveer 1 000 tot 2 500 alledaagse woorde demonstreer.

1.1.5.14 LEERUITKOMS 4: SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doelein-des te skryf.

1.1.5.14.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

4.5 ontwikkelende kennis gebruik van taalstruktuur en – gebruik:

4.5.2 bekende woorde korrek spel.

1.1.5.15 Memorandum

1.1.5.15.1 Aktiwiteit 4

pols	kop
hand	skouer
knie	arm
tone	elmboog
	duim
	vingers
	been
	enkel
	voet

Table 1.1

1.2 Luister ook na ander²

1.2.1 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

1.2.2 Graad 4

1.2.3 WIE IS EK?

1.2.4 Module 2

1.2.5 LUISTER OOK NA ANDER

1.2.5.1 Aktiwiteit 1

1.2.5.2 Om na instruksies te luister [LU 1.2.1]

SIMON SÊ . . .

Nou ken julle al die dele van jul liggaam. Kom ons speel 'n speletjie.

Een leerder staan voor en gee instruksies soos: Simon sê: Steek op jou hande! of Knip jou oë!

Die res van die klas doen die aksie. As die leerder nie die instruksie met die woorde Simon sê begin nie, moet die res van die klas stil staan. Hulle reageer net op Simon sê se instruksies.

Neem beurte om instruksies te gee. Jy kan selfs jou eie naam gebruik.

²This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26322/1.1/>>.



Figure 1.3

Lees nou die woorde en die spelling van die liggaamsdelle (ken die woorde).

1.2.5.3 Aktiwiteit 2

1.2.5.4 Om ander ook 'n kans te gee om te praat [LU 1.5.1]

1.2.5.5 Om 'n gedig vir genot te lees [LU3.5.1]

(a) Lees die gedig in groepe van vier. Elkeen lees een strofe en vertel vir die res van die groepie wat hy/sy gelees het.

1.2.5.6 DIE GROOT WONDER

As die grootmense bymekaar kom

Wonder hul gedurig oor elke kind.

Hul skinder oor ons ore, hare en mond

By wie hul dieselfde sal vind.

Grace het Ouma se groen oë

En Eben het sy pa se krom neus,

Asook Oupa Gert se bakore

En kyk tog, voete soos 'n reus!

As hul na my rooikop kyk

Kan hulle tog nie verstaan
 Hoe ek so anders as die familie lyk
 En wil weet waar kom ek vandaan?
 Met my sproetgesig en andersheid
 Verwar ek al wat grootmens is.
 Hul bly wonder en skinder
 En dink seker ek is aspris.



Figure 1.4

(b) Neem beurte in jul groepe om die hele gedig te lees. Maak gebruik van die assessorings tabel om mekaar se hardoplees te assesseer. Jy kan vir jou opvoeder of ouers lees. As julle klaar is, kan julle dramatiseer hoe die grootmense altyd na die kinders kyk en oor hulle praat.

KRITERIA VIR HARDOPLEES

- (a) Woordherkenning en vlotheid
- (b) Ken nie die woorde nie en kan dit nie uitspreek nie
- (c) Woorde is nie almal bekend nie en lees is nie vlot nie
- (d) Haak vas met sekere woorde
- (e) Ken al die woorde en lees vlot
- (f) Duidelikheid en toonhoogte
- (g) Uitspraak is baie onduidelik en op dieselfde eentonige noot
- (h) Verstaanbare uitspraak, maar die stem is te eentonig of te sag
- (i) Enkele woorde is onduidelik, maar goeie wisseling in die stem
- (j) Woorde word duidelik uitgespreek met wisseling in die stem
- (k) Frasiering
- (l) Neem geen leestekens in ag nie
- (m) Probeer, maar vergeet om op die regte plekke asem te haal
- (n) Haal korrek asem, maar lees te vinnig
- (o) Lees met goeie asemhaling en spoed

1.2.5.7 Aktiwiteit 3

1.2.5.8 Om vir inligting te lees [LU 3.3.5]

STILLEES

Lees weer die leesstuk "Ek sal hulle wys!"

Kyk na die sinne hieronder en dui aan of die stellings waar of onwaar is of nie genoeg bewyse het nie. Vergelyk jou antwoorde met die res van jou groep en bespreek julle antwoorde as julle nie saamstem nie.

Merk met

W - waar

O - onwaar

OB - onvoldoende bewyse

	W	O	OB
a) Eben is Tony se beste maat			
b) Grace het geen tande in haar mond nie			
c) Tony het rooi krulhare			
d) Die kinders het elk vyf vingers aan een hand			
e) John se wange is vet			
f) Manus kan hoër as Tony spring			
g) Eben het 'n lang neus			
h) Tony is die beste krieketspeler in die skool			
i) Manus het 'n skewe ken			
j) Tony is baie bly dat hy anders lyk			

Table 1.2

1.2.6 Assessering

1.2.7 LEERUITKOMS 1: LUISTER

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.

1.2.7.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- ander leerders respekteer:

1.5.1 ander leerders 'n beurt gee om te praat.

1.2.8 LEERUITKOMS 3: LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

1.2.8.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- lees vir inligting;

3.3.5 met ondersteuning ‘n opsomming van ‘n paragraaf maak (vul byvoorbeeld ontbrekende woorde in ‘n paragraaf in);

3.5 vir genot en inligting lees;

3.5.1 heelwat fiksie- en nie-fiksie-boeke op ‘n gepaste lees- en taalvlak lees.

1.2.9 Memorandum

Aktiwiteit 3

- (a) W
- (b) O
- (c) OB
- (d) W
- (e) W
- (f) O
- (g) O
- (h) O
- (i) W
- (j) O

1.3 Spel korrek³

1.3.1 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

1.3.2 Graad 4

1.3.3 WIE IS EK?

1.3.4 Module 3

1.3.5 SPEL KORREK

1.3.5.1 Aktiwiteit

1.3.5.2 Om korrek te leer spel [LU 6.1.2]

My Hand As Hulp

(a) Teken jou hand in die spasie en skryf een van die vyf klinkers **a**, **e**, **i**, **o**, **u** in elke vinger. Onthou, hierdie klinkers is kort klinkers en as ons hulle klank, klink hulle anders as wat hulle name is.

(b) **Hoe klink die ander letters?**

Sê die volgende woorde vir mekaar in jul groepe. Onderstreep die klank wat voor elke woord aangedui word.

- a..... arm h..... hand n..... nek u..... rug
- b..... been i..... lip o..... tong v vinger
- d..... duim j..... jy p..... pols w .. wang
- e..... enkel k..... ken r..... hare y..... dy
- f..... lyf l..... liggaam s..... skouer
- g..... gesig m..... maag t..... tand

³This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26323/1.1/>>.

Spellyste

Lees die woorde wat volgens klanke gegroepeer is en let op na die betekenis. Leer die spelling van die woorde.

a en aa

graf (grave) graaf (spade)
 rak (shelf) raak (touch)
 lat (cane) laat (late)
 val (to fall) vaal (dull, grey)
 mal (mad) maal (times, meal, to grind)
 jag (hunt) jaag (to chase)
 man (man) maan (moon)
 tak (branch) taak (task)
 nar (clown) naar (sick)
 vak (subject) vaak (sleepy)
 sak (bag) saak (case)
 lag (to laugh) laag (low)
 ras (race) raas (to make a noise)
 ram (ram) raam (frame)
 sag (soft) saag (to saw)
 bal (ball) baal (bale)
 wag (to wait) waag (to dare)
 sal (will) saal (hall, saddle)
 nat (wet) naat (seam)
 kas (cupboard) kaas (cheese)
 vrag (load) vraag (question)
 mak (tame) maak (to make)
 mat (mat) maat (friend)
 mag (may) maag (stomach)

Vul die ontbrekende woorde in. Die woorde is in die spellyste.

- As ekis, vryf ek my oë.
- Diehet 'n groot rooi neus.
- Ek swaai aan my arms aan dievan die boom.
- Diegebruik 'nom in die tuin te spit.
- Dieskynin die aand.
- Ekmet my mond wyd oop.
- As jy diegooi, sal ek dit in my hand vang.
- Loop op jou tone, want die vloer is
- As die kinders so, druk ek my ore toe.
- Die muis eet diewat in dieis.

Een sak, maar baie

Een nar, maar baie

Een rak, maar baie

Een kat, maar baie

- e - woorde

ken.....Oupa se baard groei op sy **ken**. (chin)
 tel.....Ek **tel** tot tien op my vingers. (to count)
 nek.....Mamma dra pragtige kraale om haar **nek**. (neck)
 pet.....Ek dra 'n **pet** op my kop. (cap)
 vel.....Die son brand my **vel** seer. (skin)
 lek.....Boetie **lek** sy lippe af vir die lekker kos. (to lick)
 veg.....Die seuns **veg** met hul vuiste. (to fight)

het.....Die baba **het** sagte vet wange. (to have)
mes.....Sussie het haar duim met die **mes** raak gesny. (knife)
weg.....My skoene is **weg** en nou loop ek kaalvoet. (disappeared)

- ee - woerde
keel..... As ek baie praat, word my **keel** seer. (throat)
leer..... Die kinders **leer** om te lees en om te werk. (to learn)
been.....Ouma loop mank, want haar **been** is seer. (leg)
eet..... Ons moet met 'n toemond **eet**. (to eat)
deeg.....Mamma knie die **deeg** met haar hande. (dough)
week.....Ons was ons hare eenkeer per **week**. (week)
veer.....Ek kielie my sussie se neus met 'n **veer**. (feather)
hees.....My stem is **hees** van al die skree. (hoarse)
weet.....Ons **weet** almal hoe om ons liggyme op te pas. (to know)
seep.....Ek was my lyf met water en **seep**. (soap)

Vorm nog woerde:

.....elegekeneleges
.....emedetelek

- o - en - oo - woerde

bom (bomb) boom (tree)
bos (bunch) boos (angry)
bod (bid) boot (boat)
dof (faint, dull) doof (deaf)
dop (to fail) doop (christening)
kok (cook, chef) kook (to cook)
kol (stain, mark, dot) kool (cabbage)
kop (head) koop (to buy)
lof (praise) loof (to praise)
pot (pot) poot (paw)
rok (dress) rook (smoke)
som (sum) soom (hem)
tor (beetle) toor (cast a spell)

Ondersteep die regte woerde:

Mamma brei 'n trui met (**bol**, **wol**, **lol**).

1.3.5.3

Kinders mag nie vir hul ouers (lok, jok, kok)nie.

'n(**Mot**, **Rot**, **Pot**) is 'n diertjie wat in tonnels lewe.

Moenie jou mond (**dol**,**vol**, **lol**)kos prop nie.

Ek (pos, dos, los) 'n brief.

Omkring die regte woord:

Oupa is al baie (dof, doof, doop), want hy kan nie goed (hoop, hoog, hoor) nie.

Om te (roos, room, rook), is sleg vir jou longe.

Mamma (kok, kook) lekker (kos, koos).

Sussie (koop, kop) vir haar 'n nuwe (rook, rok).

u - woerde

buk..... Ek **buk** om my pen op te tel.

put..... Daar is baie water in die **put**.

hul..... My ouers het **hul** kinders baie lief.

lug..... Ek asem die vars **lug** in.

sus..... My **sus** is ouer as ek.

vul..... Die perd se kleintjie word 'n **vul** genoem.

rug/rus..... Ek lê op my **rug** en **rus**.

bul..... Die kwaai **bul** sal jou stormloop.

uu – woorde

Vorm – **uu** – woorde en gebruik dit in die volgende sinne.

d

v

b + uur

s

m

h

Die v..... brand al vir ‘n lank.

Ons b..... man loer oor die m.....

Pa h..... ‘n d..... motor. Die motors is d.....

Die lemoen is nie soet nie, maar s.....

Ons kyk na die n..... op die televisie.

1.3.6 Assessering

1.3.6.1 LEERUITKOMS 6: TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

1.3.6.1.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

6.1 spel bekende woorde korrek:

6.1.2 alledaagse woorde met enkel- en dubbelvokale en –konsonante (soos: boom/bome, blom/blomme).

1.3.7 Memorandum

a	<u>arm</u>	h	<u>hand</u>	n	<u>nek</u>	t	<u>rug</u>
b	<u>been</u>	i	<u>lip</u>	o	<u>tong</u>	u	<u>vinger</u>
d	<u>duim</u>	j	<u>jy</u>	p	<u>pols</u>	v	<u>wang</u>
e	<u>enkel</u>	k	<u>ken</u>	q	<u>hare</u>	w	<u>dy</u>
f	<u>lyf</u>	l	<u>liggaam</u>	r	<u>skouer</u>		
g	<u>gesig</u>	m	<u>maag</u>	s	<u>tand</u>		

Table 1.3

- (a) vaak (f) lag sakke
- (b) nar (g) bal narre
- (c) tak (h) nat rakke
- (d) man, graaf (i) raas katte
- (e) maan (j) kaas, kas

speel	weeg	steek	steen	steel	leeg
lees	neem	kleed	sweet	meel	breek

Table 1.4

Mamma brei 'n trui met **wol**.
 Kinders mag nie vir hul ouers **jok** nie.
 'n **Mol** is 'n dierltjie wat in tonnels lewe.
 Moenie jou mond **vol** kos prop nie.
 Ek **pos** 'n brief.
 doof, hoor vuur, uur nuus
 rook buurman, muur
 kook, kos huur, duur, duur
 koop, rok suur, rok

1.4 Ek ruik met my neus⁴

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

Graad 4

WIE IS EK?

Module 4

EK RUIK MET MY NEUS

Aktiwiteit 1

Om poësie te geniet [LU3.2.1]

WAT DOEN EK?

Lees die volgende aksierympie in julle groepe en maak julle eie aksies daarby.

Met my kop kan ek knik, knik, knik,
 Met my vingers op die tafel tik, tik, tik,
 As ek bly is, sal ek my hande klap, klap, klap,
 En met my voete sal ek trap, trap, trap,
 My oë kan ek knip, knip, knip,
 En my knieë buig om te wip, wip, wip,
 My arms hoog bo my kop strek, strek, strek,
 En met my tong lek, lek, lek,
 Met my linker en regteroer
 Kan ek baie goed hoor,
 Met my neus kan ek nies en ruik

⁴This content is available online at <<http://cnx.org/content/m25994/1.1/>>.




Figure 1.5

En om te fluit my lippe koeëlronde tuit.

Aktiwiteit 2

Om liggaamsdelle te klassifiseer volgens funksie [LU 5.2.3]

KOM ONS MAAK SINNE

Kies die regte woord uit die lys liggaamsdelle wat by die aksie (doenwoord) pas en maak sinne daarmee.
Sê die sinne in jul groepe vir mekaar.

ore; tandé; neus; vingers; kop; oë; knieë; tong; hande; voete.

Ek ruik met my

Ek klap met my

Ek sien met my

Ek lek met my

Ek trap met my

Ek hoor met my

Ek byt met my

Ek voel met my

Ek knik met my

Ek buig met my

Aktiwiteit 3

Om van besitlike voornaamwoorde te leer [LU 6.2.8]

HERHALINGSPELETJIE

Een leerder in 'n groep begin met: "Ek ruik met my neus."

'n Tweede leerder begin met: "Jy ruik met jou neus . . ." en las byvoorbeeld by ". . . en ek sien met my oë."

'n Derde leerder sal sê: "Hy ruik met sy neus; jy sien met jou oë en ek fluit met my lippe."

So kan die groep aanhou. Die groep wat die langste aanhou is die wenners.




Figure 1.6

INVULTAKIE

Julle het nou heerlik gespeel en gepraat. Kom ons kyk nou of jy en 'n maat die volgende woorde reg kan invul. Maak gebruik van die volgende besitlike voornaamwoorde:

- my, sy, haar, jou, ons, hulle, julle
- a) Ek hoor met ore.
- b) Hy ruik met neus.
- c) Ons sien met oë.
- d) Hulle voel met vingers.
- e) Sy lek met tong.
- f) Julle byt met tandé.
- g) Jy fluít met lippe.

Aktiwiteit 4

Om van meervoude te leer [LU 6.2.6]

ONS HET MEER AS EEN

SPELETJIE

Sit in 'n kring. Een leerder begin deur 'n liggaamsdeel se naam te sê, bv. "mond", en gee 'n boontjiesakkie of bal vir die maat langsaan. Hierdie leerder sê wat meer as een van die dele genoem sal word, bv. "monde".

As die antwoorde reg is, mag hy/sy nou weer 'n beurt kry om 'n woord te sê. Die leerders wat nie kan byhou nie, moet die kring verlaat. Kyk wie bly die langste sit!






Figure 1.7

SKRYF DIE WOORDE

Vul die woorde in. Om die meervoude (twee of meer) in te vul, kan jy eers die kontrolelys vir meervoude naslaan. Vergelyk jou woorde met die res van jou groep. Dit is belangrik dat jy die woorde korrek spel.

	EEN	TWEE



<i>continued on next page</i>		









Table 1.5**Assessering****LEERUITKOMS 3: LEES EN KYK**

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

1.4.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

3.2 toon, op 'n eenvoudige manier, begrip van sommige elemente van poësie:

- woorde wat rym (soos: kring, ring).

LEERUITKOMS 5: DINK EN REDENEER

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

1.4.2 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

5.2 taal gebruik om te dink:

5.2.3 dinge klassifiseer (soos verskillende soorte voertuie) volgens bepaalde kriteria (soos die funksie en kapasiteit daarvan).

1.4.3 LEERUITKOMS 6: TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

1.4.3.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

6.2 verskillende eenvoudige taalvorme en sinstrukture gebruik om mondelings en skriftelik te kommunikeer:

6.2.6 die enklevoud- en meervoudsvorm, verkleiningsvorm en geslagsvorme van alledaagse woorde (soos: rok/rokke; appel/appels; boekie; skoentjie; man/vrou; seun/meisie);

6.2.8 persoonlike, besitlike en vraende voornaamwoorde.

Memorandum

Aktiwiteit 2

- ruik neus
- klap hande
- sien oë
- lek tong
- trap voete
- hoor ore
- byt tandé
- voel vingers
- knik kop
- buig knieë

Aktiwiteit 3

- (a) my
- (b) sy
- (c) ons
- (d) hulle
- (e) haar
- (f) julle
- (g) jou

Aktiwiteit 4

- vinger vingers
- voet voete
- hand hande
- arm arms
- knie knieë
- oog oë
- oor ore
- toon tone
- been bene

1.5 Wie is dit?⁵

1.5.1 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

1.5.2 Graad 4

1.5.3 WIE IS EK?

1.5.4 Module 5

1.5.5 WIE IS DIT?

1.5.5.1 Aktiwiteit 1

1.5.5.2 Om vrae te beantwoord waaroor goed gedink moet word [LU 5.2.1]

1.5.5.3 WIE KAN DIT WEES?

Lees die volgende versie op jou eie deur en beantwoord die vragies wat volg in julle groepe.

WIE KAN DIT WEES

Ek loer oor die brug se rand
en skrik so groot, want
vanuit die water daar onder
staar 'n klein outjie na my.
Wie is hy wat hom so sonder
om te blik of te bloos aan my verwonder?
Hy's 'n regte na-aper;
knipoog, steek tong uit,
draai sy kop en maak sy mond tuit.
Sy hare, oë, mond en kennebak
lyk so bekend en tog,
wonder ek nog,
wie die mens in die water is,
want 'n bekende is hy beslis.




Figure 1.8

Skryf die antwoorde groot en duidelik op ongedrukte koerantpapier om vir die ander groepe te wys. Skryf dan jou eie antwoord onder elke vraag neer.

a) Waar het die kind gestaan?

.....(1)

b) Was dit 'n seuntjie of 'n dogtertjie? Hoekom sê jy so?

⁵This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26329/1.1/>>.

-(2)
- c) Wat het die kind gesien? (Vertel in jou eie woorde)
.....
-(2)
- d) Beskryf baie kortlik wat 'n na-aper is?
.....
-(2)
- e) Noem twee dinge wat die na-aper gedoen het.
.....
-(2)
- f) Wie dink jy was die na-aper?
.....(1)

1.5.5.4 Aktiwiteit 2

1.5.5.5 Om rolspel te doen [LU 2.2.1]

1.5.5.6 WAT SÊ DIE SPIEËL?

Draai na jou maat en doen 'n rolspel waardeur jou maat die rol van 'n pratende spieël speel en vir jou vertel wat hy/sy sien. Jy moet weer vir jou maat vertel wat jy sien.

Maak gebruik van die kontrolelys om seker te maak dat jy alle moontlike kenmerke van jou maat beskryf.



Figure 1.9

Ek is baie jammer, maar mooier sal jy nie word nie.

Beskryf jou maat volgens:

kleur van oë

kleur en lengte van hare

vorm van die gesig en neus

enige iets interessants van die ken, wange, ore en sproete.

1.5.5.7 Aktiwiteit 3

1.5.5.8 Om 'n eenvoudige plakkaat te maak [LU 4.4.1]

1.5.5.8.1 ONS KAN GELUIDE MAAK

Soek saam met 'n maat prente in ou tydskrifte wat voorstellings kan wees van mense wat besig is om enige geluid te maak, bv. huil, lag, gesels, fluister, skree, juig, sing, fluit.

Knip die prente uit en plak dit in die ruimte hieronder. Skryf by die prente watter geluid jy dink elkeen maak.

1.5.6 Assessering

1.5.7 LEERUITKOMS 2: PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

1.5.7.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

2.2 op kultureel gepaste maniere optree:

2.2.1 bekende situasies rolspel (soos gee aanwysings).

1.5.8 LEERUITKOMS 4: SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitlike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doelein-des te skryf.

1.5.8.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

4.4 mediatekste ontwerp:

4.4.1 'n eenvoudige plakkaat of kennisgewing ontwerp.

1.5.9 LEERUITKOMS 5: DINK EN REDENEER

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

1.5.9.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

5.2 taal gebruik om te dink:

5.2.1 begin om meer komplekse vrae te stel en beantwoord (soos: Hoekom ...? Wat dink jy ...?).

1.5.10 Memorandum

1.5.10.1 Aktiwiteit 1

(a) op die brug

(b) seuntjie

Die **outjie** het uit die water na hom gestaar. **Hy** was 'n na-aper.

(c) Hy het iemand in die water gesien wat hom aangestaan het en nage-aap het.

(d) Dit is iemand wat ander mense se bewegings nadoen of namaak.

- (e) Hy het sy tong uitgesteek.
Hy het geknipoog.
Hy het sy kop gedraai en sy lippe getuit.
- (f) Dit was die seun op die brug se weerkaatsing in die water.

1.6 Tweeling!⁶

1.6.1 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

1.6.2 Graad 4

1.6.3 WIE IS EK?

1.6.4 Module 6

1.6.5 TWEELING!

1.6.5.1 Aktiwiteit 1

1.6.5.2 Om eenvoudige vrae te vra [LU 2.1.1]

1.6.5.3 Om kort antwoorde op vrae te gee [LU 2.1.2]

OP SOEK NA ‘N IDENTIESE TWEELING (60 MIN.)

(**Aan die opvoeder:** ‘n Speletjie vir 16 leerders. Die res van die klas is besig met skriftelike stelwerk. Knip twee stelle prente uit en gee vir elk van die 16 leerders ‘n prentjie).

‘n Identiese tweeling lyk dieselfde. Hier volg prente van agt kinders.

- a) Beweeg nou rond in die vertrek om jou broer/suster te soek.
- b) As jy by ‘n maat verbystap, moet jy jouself volgens die prentjies beskryf. Die maat moet ook sy/haar prent beskryf. (Moenie jul prentjies vir mekaar wys nie.)
- c) As julle twee se beskrywings dieselfde is, skree julle: **TWEELING!**

⁶This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26101/1.1/>>.





Figure 1.10

ONDERHOUD VOER

Vorm groepies van twee en voer 'n onderhoud met mekaar deur die volgende vragies aan mekaar te stel. Probeer om so ver moontlik in volsinne te antwoord. Die hele klas kan luister en jou maat en opvoeder kan jou assesseringstabel invul.

VRAE:

- a) Wat is jou gunsteling kleur?



b)

Figure 1.11

Watter vak op skool is jou beste vak?

- c) Hoeveel kinders is julle in die gesin en die hoeveelste kind is jy?
d) Wanneer verjaar jy en hoe oud is jy nou?

- e) Wat sal jy graag op jou verjaardag wil doen?
- f) Watter sportsoort verkies jy en hoekom?
- g) Wie is jou held?
- h) Wat is jou gunsteling TV-program?
- i) Van watter kossoort hou jy nie?
- j) Waarheen gaan julle as gesin graag met vakansie of op 'n uitstappie?
- k) Wat wil jy eendag word?
- l) Watter soort dier verkies jy om as troeteldier aan te hou?

ASSESSERINGSTABEL VIR MONDELING: ONDERHOUD VOER

(a) Die vrae verstaan en beantwoord.	
(a) Baie min verstaan.	
(a) Net sekere vrae verstaan.	
(a) Enkele vrae was moeilik.	
(a) Almal verstaan.	
(a) Duidelik en hoorbaar beantwoord.	
(a) Antwoorde maak nie sin nie. Baie onduidelik en te sag gepraat.	
(a) Te sag.	
(a) Goed gepraat, maar enkele sinne was nie duidelik genoeg nie.	
<i>continued on next page</i>	

(a) Baie duidelik.	
(a) Antwoorde in volsinne waar nodig	
(a) Geen sinne.	
(a) In sinne probeer praat, maar nog baie foute begaan.	
(a) Enkele foute by sinskonstruksie.	
(a) Goeie volsinne.	
(a) Die luisteraars leer jou beter ken.	
(a) Niemand kan iets nuuts leer nie.	
(a) Van die luisteraars kan iets te wete kom.	
(a) Die meeste kon iets omtrent jou te wete kom.	
(a) Beslis.	

Table 1.6

1.6.5.4 Aktiwiteit 2

1.6.5.5 Om jouself bekend te stel [LU 4.1.1]

AANGENAME KENNIS

Gee dit vir jou ouers om te lees en vra hulle om dit te assesseer. Dalk leer hulle iets wat hulle oor hul eie kind nie geweet het nie.

My naam is
Ek is jaar oud en in graad
Ek het hare en oë.
Ek is my ouers sekind.
Ek hou vanmaar ek hou nie van nie.
As ek groot word, wil ek 'n word.

1.6.5.6 Assessering

1.6.5.7 LEERUITKOMS 2: PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

1.6.5.7.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

2.1 interaksie in sy/haar addisionele taal voer:

- eenvoudige vrae vra (soos vrae om duidelikheid te verkry);

2.1.2 kort antwoorde op vrae gee.

1.6.5.8 LEERUITKOMS 4: SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doelein-des te skryf.

1.6.5.8.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

4.1 skryf om inligting oor te dra:

4.1.1 byskrifte by eenvoudige kaarte teken en skryf.

Chapter 2

Kwartaal 2

2.1 Ons familie¹

2.1.1 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

2.1.2 Graad 4

2.1.3 DIE MENSE NAASTE AAN MY

2.1.4 Module 7

2.1.5 ONS FAMILIE

2.1.5.1 Aktiwiteit 1

2.1.5.2 Om karakters te identifiseer [LU 3.1.2]

DIE VERRASSING (Leesstuk)

(a) Lees die volgende leesstuk in groepe van vier. Elke leerder kan een paragraaf lees.

(b) Soeklees en onderstreep al die woorde wat **name aan lede van 'n familie** gee.

Elke leerder probeer eers op sy eie en vergelyk sy woorde met die res van die groep.

Ons familie het 'n groot geheim wat net Oupa nie mag weet nie. Oupa verjaar en ons gaan vir hom 'n verrassingspartytjie hou. Ouma gaan vir hom vra om by ons te kom kuier en as hulle hier opdaag, verras ons hom met baie geskenke en eetgoed.

Ai, maar dit is 'n groot opgewondenheid by ons huis. Almal werk hard om alles reg te kry. Pappa braai vleis en Mamma bak koek. Ouboet dra tafels en stoele aan en my sisters dek die tafels.

My ooms en tantes, neefs en niggies is ook almal hier en elkeen het iets te ete saamgebring, en ook 'n present vir Oupa. Hy is darem 'n gelukkige man om so baie liefde van sy vrou, kinders en kleinkinders te ontvang.

Oom Gus maak ons almal stil, want Oupa en Ouma is by die voordeur. Stilletjies staan ons nader en toe Oupa die deur oopmaak, sing almal: "Veels geluk, liewe Oupa...!"

2.1.5.3 Aktiwiteit 2

2.1.5.4 Om korrek te leer spel [LU 4.5.2]

(a) Skryf nou die woorde hieronder neer:

.....
.....

¹This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26330/1.1/>>.

.....
.....
.....
.....
.....
.....

DIE FAMILIE (Woordeskat en prente)

2.1.5.5 Aktiwiteit 3

2.1.5.6 Om 'n plakkaat te maak [LU 4.4.1]

2.1.5.7 (a)Plakkaat

Knip prente uit tydskrifte wat lede van 'n familie voorstel, bv. 'n oupa en 'n ouma.

Werk in groepe en plak die prente op 'n karton om 'n plakkaat te maak.

Skryf nou die name van die lede van die familie by elke prent en wys dit vir die ander groepe.

2.1.5.8 Aktiwiteit 4

2.1.5.9 Om inligting te gebruik [LU 1.3.2]

WIE STAAN WAAR? ('n Luisteroefening)

Hier staan die Frank-gesin in 'n ry. Julle opvoeder gaan vir julle vertel wat elke lid se naam is en waar hulle in die ry staan. Net Oupa Sam se naam is ingevul. Luister mooi en probeer om die ander lede se name reg neer te skryf.




Figure 2.1

2.1.5.10 Aktiwiteit 5

2.1.5.11 Om na instruksies te luister en dit uit te voer [LU 1.2.1]

'N GESINSFOTO ('n Mondelinge aktiwiteit)

- (a) Die mondelinge speletjie kan in groepies van twee gespeel word.
- (b) Elke leerder knip eers die prente van die onderskeie gesinslede wat op die volgende blad verskyn, uit.
- (c) Elke leerder kry 'n vel papier waarop die gesinslede uitgepak kan word.
- (d) Die twee leerders (A en B) draai hul rûe na mekaar terwyl A vir B sê waar die gesinslede moet staan,
bv. Vader staan in die middel in die agterste ry.
- (e) B pak die prente soos A sê en A doen dieselfde.
- (f) As hulle klaar is, vergelyk hulle hul gesinsfoto's.
- (g) B kry nou weer geleentheid om vir A instruksies te gee om sodende ook 'n gesinsfoto saam te stel.
Woorde wat gebruik kan word:
agterste ry, voorste ry, middel, tussen, langs, regs, links, voor, agter



Figure 2.2

2.1.6 Assessering

2.1.7 LEERUITKOMS 1: LUISTER

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne ‘n wye verskeidenheid situasies te reageer.

2.1.7.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

1.2 mondelinge instruksies, aanwysings en beskrywings verstaan:

- fisiek op instruksies reageer (soos hoe om iets te maak).

1.3 mondelinge beskrywings verstaan:

1.3.2 ‘n diagram van byskrifte voorsien.

2.1.8 LEERUITKOMS 3: LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

2.1.8.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

3.1 sommige elemente van stories op ‘n eenvoudige manier verstaan:

3.1.2 karakters (soos: Dink aan gepaste name vir karakters sonder name).

2.1.9 LEERUITKOMS 4: SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitlike en verbeeldingstekste vir ‘n wye verskeidenheid doelein-des te skryf.

2.1.9.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

4.4 mediatekste ontwerp:

4.4.1 ‘n eenvoudige plakkaat of kennisgewing ontwerp.

4.5 ontwikkelende kennis gebruik van taalstruktuur en – gebruik:

4.5.2 bekende woorde korrek spel.

2.1.10 LEERUITKOMS 5: DINK EN REDENEER

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

2.1.10.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

5.4 inligting van een modus na ‘n ander oordra:

- inligting uit ‘n geskrewe teks gebruik om ‘n grafiek of table te skep of byskrifte by ‘n diagram te skryf.

2.1.11 Memorandum

2.1.11.1 Aktiwiteit 1

Oupa
 Ouma
 Pappa
 Mamma
 Ouboet
 susters
 ooms
 tantes
 neefs
 niggies

2.2 Twee soorte gesinne²

2.2.1 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

2.2.2 Graad 4

2.2.3 DIE MENSE NAASTE AAN MY

2.2.4 Module 8

2.2.5 TWEE SOORTE GESINNE

WAT KOM WAAR? ('n Skriftelike takie)

2.2.5.1 Aktiwiteit 1

2.2.5.2 Om van voorsetsels te leer [LU 5.4.3]

Maak van die volgende woorde gebruik om in die spasies in te vul.

Vergelyk jou sinne met 'n maat se sinne.

agter, voor, langs, bo, onder, tussen


- (a) Sue en haar sussie sit Oupa op die bank.
- (b) As Sussie bang is, gaan lê sy Ma en Pa in die bed.
- (c) As ons kinders kwaad doen, kruip ons die deur weg.
- (d) Tonie en sy boetie slaap op 'n stapelbed. Tonie slaap..... en Boetie slaap
- (e) My boetie wat my gebore is, is die oudste kind in ons gesin.
 'N GROOT GESIN (Spelling)

2.2.5.3 Aktiwiteit 2

2.2.5.4 Om van telwoorde te leer [LU 6.2.9]

In hierdie gesin is daar so baie kinders.

²This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26333/1.1/>>.

**Figure 2.3**

(a) Tel saam in jul groepies hoeveel kinders daar is.

(b) Skryf die getalname neer en vergelyk die spelling van die woorde met die res van die groepie.

- 1
- 2
- 3
- 4
- 5
- 6
- 7
- 8
- 9
- 10

(c) Die kinders is so gerangskik van die eerste (oudste) tot die laaste (jongste). Skryf nou die posisie van elke kind langs elke naam neer. Werk in pare en vergelyk jul woorde met die ander paar in jul groepie.

- | | |
|-------------|---------|
| Naam | Posisie |
| Dawn | eerste |
| Louis | |
| Helen | |
| David | |
| Brent | |
| Tom | |
| Gwen | |
| Jan | |
| Sue | |
| James | |

TWEE SOORTE GESINNE (Leesstukke)

2.2.5.5 Aktiwiteit 3

2.2.5.6 Om ‘n storie te vertel [LU 2.4.1]

Hier volg twee leesstukke oor twee verskillende gesinne. Werk in pare.

(a) Elke lid lees een van die twee leesstukke en vertel vir die ander leerder wat hy/sy gelees het.

Gesin A

Ronnie se gesin bestaan uit agt lede. Sy pa is ’n bouer en werk baie hard. Hy is amper nooit tuis nie, want hy begin soggens vroeg en werk tot saans laat. Saterdae het hy ook altyd iets om te doen. Net Sondae is hy tuis om saam met sy gesin deur te bring.

Ronnie se ma is ’n huisvrou en pas nog sy oom en tante se twee kinders ook op. Sy jonger sussie en boetie bly ook bedags by sy mamma, want hulle is nog nie op skool nie. Hy en sy ouer broer en oudste suster is op skool. Omdat sy ouers so hard werk, kom kyk sy oupa hoe hy en sy broer smiddae sokker speel. Oupa woon ook by hulle en help die kinders met hul tuiswerk. Hy bederf hulle almal.

Gesin B

Danie is die jongste van drie kinders. Sy ouer broer en suster is nie meer op skool nie. Sy suster werk al en sy broer is op universiteit. Danie is ’n laatlam en daarom word hy baie alleen groot. Dit voel vir hom asof hy die enigste kind is, want sy broer en suster is nie vir hom speelmaats nie. Hulle is ook amper nooit tuis nie.

Sy ouers is baie ouer as sy maats se ouers. Sy ma werk vanuit die huis. Sy bak koek om te verkoop en daarvan hou hy niks nie, want Mamma is gedurig besig in die kombuis. Sy pa werk in ’n kantoor en kom saans baie moeg huis toe. Sy pa moet ook gereeld vergaderings bywoon, maar gelukkig is sy pa ’n slim man en kan hy hom naweke met sy tuiswerk help. Daarna speel hulle graag ’n potjie skaak.



Figure 2.4

2.2.5.7 Aktiwiteit 4

2.2.5.8 Om byskrifte te skryf om inligting oor te dra [LU 4.1.1]

- (a) Voltooi die volgende werkvel deur ’n [U+F0FC] in die regte kolom te maak. Werk saam met jou maat. Vergelyk jul antwoorde.

	Storie A	Storie B
Bv. 1. Die pappa speel graag skaak.		
2. Die oudste suster werk al.		
3. Die seuns speel sokker.		
4. Die mamma werk by die huis.		
5. Die oupa woon saam met die gesin.		
6. Die oudste broer is nog op skool.		
7. Daar is vyf mense in die gesin.		
8. Pappa werk buite.		
9. Die seuntjie is baie eensaam.		
10. Die ouers is die oudste van die twee gesinne.		
11. Daar is nog voorskoolse kinders in die gesin.		

Table 2.1**2.2.5.9 Aktiwiteit 5****2.2.5.10 Om te lees vir genot [LU 3.5.1]**

Oefen tuis om die twee leesstukke hardop te lees en lees vir jou ouers of enige familielid.

2.2.6 Assessering**2.2.7 LEERUITKOMS 2: PRAAT**

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

2.2.7.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- gebruik die addisionele taal op 'n kreatiewe wyse:

2.4.1 vertel 'n eenvoudige storie.

2.2.8 LEERUITKOMS 3: LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

2.2.8.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

3.5 vir genot en inligting lees:

3.5.1 heelwat fiksie- en nie-fiksie-boeke op 'n gepaste lees- en taalvlak lees.

2.2.9 LEERUITKOMS 4: SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doelein-des te skryf.

Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

4.1 skryf om inligting oor te dra:

4.1.1 byskrifte by eenvoudige kaarte teken en skryf.

2.2.10 LEERUITKOMS 6: TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

2.2.10.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

6.2 verskillende eenvoudige taalvorme en sinstrukture gebruik om mondelings en skriftelik te kommuniki-keer:

6.2.9 determineerders en telwoorde (soos: 'n, die, een, tweede, min, baie);

6.2.10 alledaagse voorsetsels, byvoorbeeld om plek aan te dui (soos: in, onder, bo, langs);

2.2.11 Memorandum

2.2.11.1 Aktiwiteit 1

- (a) langs
- (b) tussen
- (c) agter
- (d) bo
- onder

- (a) voor

Aktiwiteit 2(b)

1. een
2. twee
3. drie
4. vier
5. vyf
6. ses
7. sewe
8. agt
9. nege

1. tien

Aktiwiteit 2(c)

- Louis tweede
- Helen derde
- David vierde
- Brent vyfde
- Tom sesde
- Gwen sewende

Jan agste
 Sue negende
 James tiende

2.3 Manlik en vroulik³

2.3.1 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

2.3.2 Graad 4

2.3.3 DIE MENSE NAASTE AAN MY

2.3.4 Module 9

2.3.5 MANLIK EN VROULIK

VADERSDAG - OF MOEDERSDAGKAARTJIE (Kreatiwiteit)

2.3.5.1 Aktiwiteit 1

2.3.5.2 Om ‘n paragraaf te skryf [LU 4.5.1]

Jou vader of moeder beteken vir jou so baie en jy kry byna nooit die geleentheid om vir hulle dankie te sê nie.

Ontwerp jou eie vadersdag- of moedersdagkaartjie. Plak jou kaartjie op die volgende bladsy. Onthou om vir Mamma en Pappa ook so ‘n kaartjie te gee.

Kyk na die voorbeeld van ‘n kaartjie wat ‘n ouerpaar vir hul dogter gegee het. Probeer om in die binnekant van jou kaartjie op dieselfde manier te skryf.

³This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26334/1.1/>>.




Figure 2.5

Gee die kaartjie vir jou opvoeder om dit te assesseer.
Wys die kaartjie vir jou ouers en vra vir hulle om kommentaar te skryf.
DIE FAMILIE ('n Liedjie)

2.3.5.3 Aktiwiteit 2

2.3.5.4 Om 'n liedjie te "speel" [LU 2.4.3]

Sing die volgende liedjie op die wysie van:

"The farmer's in the Dell "/" Die Boer is op sy plaas".

Vorm groepies van vyf en speel die "storie" uit terwyl die liedjie gesing word.

- (a) My oupa is 'n man 2xja, O ja, my oupa is 'n man.
- (b) My oupa het 'n vrou
- (c) Ons noem haar Ouma
- (d) My ouma het 'n seun ...
- (e) Hy is ons pappa
- (f) Pappa het 'n vrou
- (g) Sy is ons mamma

- (h) Mamma het 'n kind
 - (i) Sy is ons suster
 - (j) My suster het 'n broer
 - (k) En raai wie is die broer
- MANLIK EN VROULIK ('n Skriftelike takie)

2.3.5.5 Aktiwiteit 3

2.3.5.6 Om van geslagsvorme te leer [LU 6.2.6]

WIE PAS BY WIE?

Maak gebruik van die woorde wat in die pasmaatspeletjie gebruik is en leer die teenoorgesteldes en die spelling van die woorde.

- Toets jouself deur die teenoorgesteldes by die volgende sinne in te vul.
- (a) My en is baie lief vir hul kleinkinders.
 - (b) My is my ouers se seun en my suster is hulle
 - (c) My neef en is my..... en se kinders.
 - (d) Vader en is en vrou.
 - (e) Hy en is al twintig jaar getroud.

Image not finished

AUT0141.png;439;197;6.0;8.5;

Figure 2.6

OUPA EN OUMA (Gedigte en begripslees)

2.3.5.7 Aktiwiteit 4

2.3.5.8 Om woordeskat uit te brei [LU 3.6.2]

- (a) Lees die twee gediggies op jou eie.



Figure 2.7

Image not finished

AUT0143.png;353;203;6.0;8.5;

Figure 2.8

MY OUMA

My ouma is al baie oud,
maar glo my, sy't 'n hart van goud.
Sy bak vir my 'n lekker koek,
en brei graag sokkies vir my boet.
Haar hare is al spierwit-grys,
en haar vel het strepies dwars en kruis.
My ouma kan so lekker lag
vir al my sêgoed elke dag.
Sy is baie lief vir my,
want my drukkies maak haar bly.
As ek eendag groot is,
wil ek nes sy wees, ja beslis.

(b) Kies die antwoord wat die beste sal pas. Omkring net die regte antwoord.

(i) Oupa woon		(ii) Ouma se hare is	
<ul style="list-style-type: none"> • in die dorp. • op 'n plaas. • in die ouetehuis. 		<ul style="list-style-type: none"> • grys. • swart. • rooi. 	
(iii) Ouma lag vir die kleinkinders se		(iv) Oupa speel met sy kleinkinders deur hulle	
<ul style="list-style-type: none"> • grappies. • stories. • sêgoed. 		<ul style="list-style-type: none"> • op sy rug te dra. • in sy arms te dra. • op sy skouers te dra. 	
(v) Die kleinseun wil		(vi) Die kleindogter wil eendag	
<ul style="list-style-type: none"> • 'n ander oupa hè. • nie sy oupa verruil nie. • hè sy oupa moet jonger wees. 		<ul style="list-style-type: none"> • net soos haar ouma wees. • net soos haar ouma lag. • net soos haar ouma lyk. 	
(vii) Oupa is		(viii) Ouma word bly as sy	
<ul style="list-style-type: none"> • oud. • slim. • siek. 		<ul style="list-style-type: none"> • koek kry. • soentjies kry. • drukkies kry. 	
(ix) Die kleinseun ry graag		(x) Ouma gee vir haar dogter	
<ul style="list-style-type: none"> • perd. • fiets. • trekker. 		<ul style="list-style-type: none"> • koek. • sokkies. • lekkers. 	

Table 2.2

Punt:		
		10

Table 2.3

2.3.6 Assessering

2.3.7 LEERUITKOMS 2: PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

2.3.7.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- die addisionele taal op ‘n kreatiewe wyse gebruik:

2.4.3 ‘n bekende rympie, gedig of liedjie opvoer.

2.3.8 LEERUITKOMS 3: LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

2.3.8.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

3.6 naslaanwerke gebruik en woordeskatalogus ontwikkel:

3.6.2 ‘n leeswoordeskatalogus van ongeveer 1 000 tot 2 500 alledaagse woorde demonstreer.

2.3.9 LEERUITKOMS 4: SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir ‘n wye verskeidenheid doelein-des te skryf.

2.3.9.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

4.5 ontwikkelende kennis gebruik van taalstruktuur en – gebruik:

4.5.1 paragraawe skryf met behulp van ‘n raam of struktuur as ondersteuning.

2.3.10 LEERUITKOMS 6: TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskatalogus en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

2.3.10.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

6.2 verskillende eenvoudige taalvorme en sinstrukture gebruik om mondelings en skriftelik te kommuniki-keer:

6.2.6 die enkelvoud- en meervoudsvorm, verkleiningsvorm en geslagsvorme van alledaagse woorde (soos: rok/rokke; appel/appels; boekie; skoentjie; man/vrou; seun/meisie).

2.3.11 Memorandum

2.3.11.1 Aktiwiteit 3

- (a) ouma; oupa
 - (b) broer; dogter
 - (c) niggie; oom; tante
 - (d) Moeder; man
 - (e) sy
- Aktiwiteit 4(b)
- (i) op ‘n plaas

- (ii) grys
- (iii) sêgoed
- (iv) op sy rug te dra
- (v) nie sy oupa verruil nie
- (vi) net soos haar ouma wees
- (vii) slim
- (viii) drukkies kry
- (ix) trekker
- (x) koek

2.4 Oupa en Ouma⁴

2.4.1 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

2.4.2 Graad 4

2.4.3 DIE MENSE NAASTE AAN MY

2.4.4 Module 10

2.4.5 OUPA EN OUMA

(Mondelinge en skriftelike beskrywing)

2.4.5.1 Aktiwiteit 1

2.4.5.2 Om mense te beskryf [LU 2.3.3]

(a) Plak in die spasie prente van Ouma en Oupa en beskryf hulle mondelings in jul groepe. Maak gebruik van die vrae om julle te help.

Is hulle jonk of oud? Hoe weet jy?

Hoe lyk hul hare, gesigte en hande?

Wat doen hulle graag? Hoe voel jy oor hulle?

2.4.5.3 Aktiwiteit 2

2.4.5.4 Om ‘n paragraaf te skryf [LU 4.5.1]

(b) Skryf die volgende sinne se woorde in die regte volgorde.

Oupa

is Oupa man ou ’n.

baard het Hy en ’n hare grys min.

sit en Hy koerant in stoel lees ’n.

met stap Oupa ’n kierie.

Ouma

grys Ouma het bollatjie ’n.

’n dra Sy bril.

sokkies vir brei Sy kleinkinders haar.

radio luister graag Ouma die na.

Oupa

.....

⁴This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26335/1.1/>>.

.....
Ouma

.....
.....

.....
.....
SPELLYSSTE

2.4.5.5 Aktiwiteit 3

2.4.5.6 Om die korrekte spelling van woorde te leer [LU 6.1.2]

Lees die woorde wat volgens klanke gegroepeer is en let op na die betekenis. Leer die spelling van die woorde.

wie: Wie is jou ouers?

siek: As ek siek is, versorg my ma my.

tien: Ek het tien vingers.

sien: Ek sien my familie baie min.

dief: Die dief het my pa se motor gesteel.

knieë: Ek buig my twee knieë as ek gaan sit.

lief: Ek is lief vir my ouers.

lied: Ons familie sing graag 'n lied saam.

wiel: Pappa maak die wiel van my fiets reg.

vies: Mamma is vies vir ons as ons nie ons kos eet nie.

Let op na die volgende. Hulle word wel verskillend uitgespreek. Verbind die woord met sy Engelse vertaling.

Afrikaans	Engels
dier	expensive
duur	door
deur	animal
vier	four
vuur	feather
veer	fire
mier	more
muur	ant
meer	wall
bier	beer
buurman	bear
beer	neighbour
nies	nose
nuus	to sneeze
neus	news
hier	to rent
huur	here
heer	gentleman

Table 2.4

oe- woorde

Ondersteep al die **oe- woorde** en skryf die woorde op 'n papier of blaai bord neer in jul groep. Bespreek die betekenis van die woorde.

- Ouma bak 'n koek as ons verjaar.
- As Vader moeg van die werk af kom, hoef hy nie die motor te was nie, want die kinders doen dit.
- Die kinders moet soet wees, anders roep Pa vir hulle kamer toe.
- As ons hoes en siek voel, mag ons in die bed lê en boek lees.
- Moeder voer ons baba boetie en soen hom as hy al sy kos opeet.
- Sussie loer om die hoek as sy haar pop soek.
- Ons oupa wat op die plaas boer, noem sy kleinkinders, "Woelwaters".

eu-woorde

Vorm **eu-woorde** en skryf dit langs die vertaalde betekenis neer.

s, g, l, n, d, r	eu	t, r, s, n
------------------	----	------------

Table 2.5

- boy
- nose
- door
- giant
- nut
- gutter
- to lean against
- smell and flavour.....

ou- woorde

hout	Pappa maak vir ons huis 'n kas uit hout.
koud	In die winter as ons koud kry, brei Ouma vir ons truie.
sout	Mamma gooi sout in die kos.
fout	As ek en Pappa skaak speel, mag ek nie 'n fout maak nie, anders verloor ek.

Table 2.6

- Bou nou jou eie **ou** -woorde wat uit drie letters bestaan:
-
.....
.....

ui- woerde

Bou **ui** -woorde en vul dit in op die regte plek in die volgende sinne. Vergelyk jou woorde met die woorde onderaan in hakies.

- My sussie moet haar hare laat sny, want haarhang in haar oë.
- Pappa werk buite in dieen Mamma werk binne
in die
- Die baba kan nieas hy sy fopspeen suig nie.
- Die dogtertjie is baieSy wil nie werk nie en sit so
stil soos 'n
- Dievan die venster is so....., ek kan nie daardeur sien nie.
- Ons klein boetie boks ons graag met sy
(huis, vuis, lui, huil, kuif, duim, vuil, muis, ruit, tuin)

2.4.6 Assessering

2.4.7 LEERUITKOMS 2: PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

2.4.7.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- die addisionele taal gebruik om inligting oor te dra:

2.3.3 mense, voorwerpe en eenvoudige prosesse beskryf.

2.4.8 LEERUITKOMS 4: SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doelein-des te skryf.

2.4.8.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

4.5 ontwikkelende kennis gebruik van taalstruktuur en – gebruik:

4.5.1 paragrawe skryf met behulp van 'n raam of struktuur as ondersteuning.

2.4.9 LEERUITKOMS 6: TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

2.4.9.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

6.1 bekende woorde korrek spel:

6.1.2 alledaagse woorde met enkel- en dubbelvokale en –konsonante (soos: boom/bome, blom/blomme).

2.4.10 Memorandum

Aktiwiteit 2

Oupa is 'n ou man.

Hy het 'n baard en min grys hare.

Hy sit in 'n stoel en lees 'n koerant.

Oupa stap met 'n kierie.

Ouma het 'n grys bollatjie.

Sy dra 'n bril.

Sy brei sokkies vir haar kleinkinders.

Ouma luister graag na die radio.

Aktiwiteit 3.

dier.....animal **eu**

duur.....expensive boy.....seun

deur..... door nose....neus

vier..... four door....deur

vuur..... fire giant....reus

veer..... feather nut.... neut

mier..... ant gutter....geut

muur..... wall to lean against....leun

meer..... more smell and flavour....geur

bier beer

buurman.....neighbour **ou**

beer bear oud
 nies..... to sneeze kou
 nuus news mou
 neus nose pou
 hier here vou
 huur to rent dou
 heer gentleman rou
 bou
 hou
 ui
 (a) kuif
 (b) tuin; huis
 (c) huil; duim
 (d) lui; muis
 (e) ruit; vuil
 (f) vuis

2.5 Van een taal na 'n ander⁵

2.5.1 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

2.5.2 Graad 4

2.5.3 DIE MENSE NAASTE AAN MY

2.5.4 Module 11

2.5.5 VAN EEN TAAL NA 'N ANDER

HOE LYK ONS? (Mondelinge aktiwiteit)

2.5.5.1 Aktiwiteit 1

2.5.5.2 Om van teenoorgesteldes te leer [LU 6.2.5]

Vra die volgende vrae vir 'n maat en dan moet hy/sy dit ontken deur met "Nee" te begin.

bv. Is Baba groot?

Nee, Baba is **nie** groot **nie**.

Baba is klein.



Figure 2.9

- (a) Neem beurte om die vrae te vra. Kies die regte woord (teenoorgestelde) uit kolom B om by die vraag in kolom A te pas, soos in die voorbeeld hierbo.

⁵This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26336/1.1/>>.

AVRAE	BWOORDE
Is Oupa jonk?	kort
Is Mamma lank?	slim
Is Pappa klein?	oud
Is Boetie soet?	vet
Is Sussie lelik?	krom
Is Ouma regop?	groot
Is Ouboot dom?	sout
Is Baba maer?	mooi

Table 2.7

- (b) Verbind die teenoorgesteldes met mekaar.
 (c) Leer die teenoorgesteldes tuis.
 DIE NUWE BABA ('n Gedig en mondelinge aktiwiteit)

2.5.5.3 Aktiwiteit 2

2.5.5.4 Om van een taal na 'n ander oor te skakel [LU 2.2.3]

2.5.5.5 Om rym te verstaan [LU 3.2.1]

- (a) Lees die gediggye oor die nuwe klein baba in jul groepies. Neem beurte om 'n versie te lees en vertaal dit in Engels. Vertel vir jou maats in die groep wat jy gelees het.

ONS NUWE BABA

In die kamer net langs myne
 is daar vandag 'n nuwe kleinding.
 Verlede week is Ma hospitaal toe
 en toe het sy hom saam gebring.
 Hy lê in sy klein bababedjie
 en ek wil hom uitneem na die tuin.
 Ma sé: Los jou bababoetie;
 hy is nog veels te klein.
 Ek sing vir hom 'n liedjie
 en sê vir hom 'n rympie op.
 Dit lyk of hy nie van my hou nie,
 want hy roer nie eens sy koppie nie.
 Ek vat sy klein ou handjie vas
 en trek hom aan sy armpies op.
 Skielik gaan sy ogies oop
 en trek sy mondjie op 'n knop.
 Wat het ek dan nou gedoen
 dat hy so lelik met my is?
 Ek wou maar net 'n bietjie speel,
 maar blykbaar moet hy baie rus.

2.5.5.6 Aktiwiteit 3

2.5.5.7 Om van verkleinwoorde te leer [LU 6.2.6]

- (a) Onderstreep al die woorde wat aandui dat die baba klein is.

bv. Die baba slaap in 'n **bedjie**.

Kyk mooi na die spelling van die woorde. Wat het met die woorde gebeur? Bespreek dit in jul groepe.

- (b) Lees nou die volgende leesstuk saam met 'n maat en lees dat dit reg inpas en vir ons sê hoe 'n klein mensie lyk.

Ons baba het twee klein (oë) waarmee hy na ons kyk. Hy draai sy (kop) as hy 'n geluid met sy (ore) hoor. Hy ruik met sy (neus) en trek sy (mond) skeef as hy huil. Aan sy klein (lyf) het hy twee (arms) en twee (bene). Hy waai met sy (hand) en skop met sy (voet). Ek is baie lief vir my bababoetie.

- (c) Skryf nou die paragraaf oor en gee die regte vorm vir die woorde tussen hakies.

2.5.5.8 Aktiwiteit 4

2.5.5.9 Om jou eie mening te gee [LU 4.1.5]

AS 'N NUWE BABA SOU OPDAAG ...! ('n Mondeling en skriftelike groepaktiwiteit)

Wat sal gebeur as daar 'n nuwe baba by jul huis sou opdaag?

Dink hoe dit sal wees. Skryf alles neer wat goed en lekker (positief) daaroor sal wees en alles wat sleg (negatief) sal wees. Werk saam in jul groepe.



Figure 2.10

POSITIEF

.....
.....
.....



Figure 2.11

NEGATIEF

.....

.....

.....

.....

2.5.5.10 Aktiwiteit 5

2.5.5.11 Om van gebeure te vertel [LU 2.3.3]

MY EIE FAMILIE (Mondeling en teken)

Jy het nou baie van ander families gelees. Kom vertel aan die res van die klas van jou eie familie of gesin. Hoe groot is jou gesin? Wat doen julle as die hele familie bymekaarkom? Dalk het iets interessants in jou familie gebeur.

Die leerders kan in groepies met mekaar praat, terwyl die opvoeder bysit en hulle assesseer, of elke kind kan individueel praat.

Teken nou jou familie of gesin in die ruimte hieronder.



Figure 2.12

2.5.6 Assessering

2.5.7 LEERUITKOMS 2: PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

2.5.7.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 2.2 op kultureel gepaste maniere optree;
- 2.2.3 van een taal na 'n ander oorskakel, waar gepas (soos om 'n vreemdeling wat nie jou taal praat nie, te groet);
- 2.3.3 mense, voorwerpe en eenvoudige prosesse beskryf.

2.5.8 LEERUITKOMS 3: LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

2.5.8.1 Assesseringsstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

3.2 op 'n eenvoudige manier begrip toon van sommige elemente van poësie:

- woorde wat rym (soos: kring, ring).

2.5.9 LEERUITKOMS 4: SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doelein-des te skryf.

2.5.9.1 Assesseringsstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

4.1 skryf om inligting oor te dra:

4.1.5 mening skriftelik uitdruk (soos of 'n boek interessant of vervelig is).

2.5.10 LEERUITKOMS 6: TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

2.5.10.1 Assesseringsstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

6.2 verskillende eenvoudige taalvorme en sinstrukture gebruik om mondelings en skriftelik te kommunikeer:

6.2.5 eenvoudige voorbeeld van die ontkennende vorm (soos: Ek werk nie; Ek kan nie gaan nie);

6.2.6 die enkelvoud- en meervoudsvorm, verkleiningsvorm en geslagsvorme van alledaagse woorde (soos: rok/rokke; appel/appels; boekie; skoentjie; man/vrou; seun/meisie).

2.5.11 Memorandum

Aktiwiteit 1

(a)

AVRAE	BANTWOORDE
Is Oupa jonk?	Nee, Oupa is oud.
Is Mamma lank?	Nee, Mamma is kort.
Is Pappa Klein?	Nee, Pappa is groot.
Is Boetie soet?	Nee, Boetie is stout.
Is Sussie lelik?	Nee, Sussie is mooi.
Is Ouma regop?	Nee, Ouma is krom.
Is Ouboet dom?	Nee, Ouboet is slim.
Is Baba maer?	Nee, Baba is vet.

Table 2.8**Aktiwiteit 3**

(d) Ons baba het twee klein ogies waarmee hy na ons kyk. Hy draai sy koppie as hy 'n geluid met sy oortjies hoor. Hy ruik met sy neusie en trek sy mondjie skeef as hy huil. Aan sy klein lyfie het hy twee armpies en twee beenjies. Hy waai met sy handjie en skop met sy voetjie. Ek is baie lief vir my bababoetie.

2.6 Woordeskat⁶

2.6.1 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

2.6.2 Graad 4

2.6.3 DIE MENSE NAASTE AAN MY

2.6.4 Module 12

2.6.5 WOORDESKAT

TOETS

2.6.5.1 Aktiwiteit 1

2.6.5.2 Om 'n blokkiesraaisel in te vul [LU3.5.3]

(a) Maak gebruik van die leidrade om die blokkiesraaisel te voltooi.

⁶This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26337/1.1/>>.

						1		2			
					3						
4	5			6		7					
					8						
	9										
	10					11		12			
		14									
							15				
		16				17					
	18										

Table 2.9***Image not finished***

AUT0011.png;229;185;6.0;8.5;

Figure 2.13**Leidrade**

1. Die man sê dat (sy/hy) baie van kinders hou.
 2. Die meisie is haar ma se
 3.is al tien jaar oud (sy/jy/hy)
 4. My ma is 'n
 5. My pa se broer is my
 6. 'n Ander woord vir Pa is
 7. My tannie se dogter is my
 8. My ma se seun is my
 9. 'n Ander woord vir Ma is
 10. My pa se pa is my
 11. My pa en ma is my
 12. My broer is my pa se.....
 13. My ma se dogter is my
 14. My ma se suster is my
 15. My ma se ma is my
 16. My oom se seun is my
 17. My pa is 'n
 18. Ek en my broer is Oupa en Ouma se
- [18 [U+FOB8] 2 = (9)]

2.6.5.3 Aktiwiteit 2**2.6.5.4 Om kennis van telwoorde te toets [LU 6.2.9]**


(b) Skryf die volgende getalle in woorde:

Ons is (7) mense in ons gesin. Daar is (3) grootmense en (4) kinders. Ek is die (2de) kind. My oudste broer is die (1ste) kind en my jonger broer is die (3de) kind.

(6)

2.6.5.5 Aktiwiteit 3**2.6.5.6 Om kennis van teenoorgesteldes te toets [LU 6.3.2]**

(c) Kyk na die prentjie en voltooi die volgende sinne:

**Figure 2.14**

- (i) Die kinders sit Oupa die vloer. (1)
- (ii) Mamma is nie lelik nie, maar (1)
- (iii) Die kinders is nie soet nie, maar (1)

Beantwoord die volgende vrae met "nee": Skryf die antwoorde neer.

(a) Is Oupa jonk?

Nee, (1)

(b) Is Mamma vet?

Nee, (1)

(5)

Totaal: 20

Image not finished

AUT0012.png;324;500;6.0;8.5;

Figure 2.15

2.6.6 Assessering

2.6.7 LEERUITKOMS 3: LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

2.6.7.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

3.5 vir genot en inligting lees:

- raaisels oplos (soos blokkiesraaisels).

2.6.8 LEERUITKOMS 6: TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

2.6.8.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

6.2 verskillende eenvoudige taalvorme en sinstrukture gebruik om mondellings en skriftelik te kommunikeer:

6.2.9 determineerders en telwoorde (soos: 'n, die, een, tweede, min, baie);

- sy/haar woordeskat ontwikkel:

- algemene woorde met teenoorgestelde betekenis verstaan en gebruik (soos: lelik/mooi).

2.6.9 Memorandum

2.6.9.1 Aktiwiteit 1

1. hy
2. dogter
3. sy
4. vrou
5. oom
6. vader
7. niggie
8. broer
9. moeder
10. oupa
11. ouers
12. seun
13. suster
14. tante
15. ouma
16. neef
17. man
18. kleinkinders

2.6.9.1.1 Aktiwiteit 2

- (b) sewe; drie; vier; tweede; eerste; derde
 Aktiwiteit 3
 (c) (i) langs, op
 (ii) mooi
 (iii) stout
 (d) Nee, oupa is oud.
 (e) Nee, mamma is maer.

2.7 My huis⁷

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

Graad 4

MY WOONPLEK

Module 13

MY HUIS

Vir die Opvoeder:

Taalstrukture en Spelling

Modules 13 tot 20 bevat baie aktiwiteite wat deur middel van die kommunikatiewe benadering sekere taalstrukture aanleer. Hierdie taalstrukture kan wel in die klas aangebring word, byvoorbeeld:

Woordeskat

Vir elke vertrek in die huis, asook die buitekant van die huis, moet die woordeskat aangeleer word. Die woorde kan op flitskaarte aangebring word.

Kleure

'n Kleurkaart met die name van die kleure kan as naslaanbron gebruik word.

Leestekens

Die gebruik van die leestekens kan deur middel van voorbeeld aan leerlinge vertoon word.

⁷This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26175/1.1/>>.

VOORBEREIDING

Sekere aktiwiteite verg voorbereiding.

- By die luistervaardigheid moet die volgende woorde óf op flitskaarte óf op die bord óf op 'n transparant geskryf word.

skoorsteen muur rook motorhuis
paadjie dak swembad voordeur
posbus heining tuin venster
lugdraad

- Die leerlinge moet HUIS TE KOOP-advertensies uit koerante skool toe bring. Gee genoeg tyd vooraf.
- By die BINGO-SPELETJIE moet die prentjies los geknip word en liefs nie vooraf aan die leerders getoon word nie.
- By die eerste aktiwiteit ONS BOU 'N HUIS benodig die leerders gom en 'n skêr.
- Om die aktiwiteit oor saamgestelde woorde (samesstellings) te doen, moet die woorde op flitskaarte geskryf word en opgeknip word om aan elke leerder in 'n groep 'n deel van die woord te gee.
- By die aktiwiteit KOM ONS MAAK BED OP kan die aksies as 'n klasgroep saam met die opvoeder gedoen word. Die opvoeder kan dit 'n paar keer herhaal totdat die leerders dit redelik gemaklik kan doen.




Figure 2.16

Aktiwiteit 1

Om voorwerpe te klassifiseer [LU 5.2.3]

Om woordeskat op te bou [LU 6.3.4]

2.7.1 KOM ONS BOU 'N HUIS (woordeskat)

Knip die prentjies van die verskillende kamers uit en plak elkeen in die regte spasie. Doe dit eers individueel en vergelyk jou voltooide prentjie met 'n maat s'n. Lees die vertrekke se name vir mekaar.




Figure 2.17

Aktiwiteit 2

Om 'n liedjie op te voer [LU 2.4.3]

2.7.2 DIS MY HUISIE ('n liedjie)

Sing die liedjie oor die huisie wat julle gebou het. Probeer ook om julle eie versie op te maak. Sing dit op die wysie van "Twinkle, twinkle, little star."



Figure 2.18



Figure 2.19



Figure 2.20



Figure 2.21

Aktiwiteit 3

Om eenvoudige sinne te skryf [LU 4.2.1]

2.7.3 DIE VERTREKKE IN ONS HUIS (mondeling en skriftelik)

Kom ons bou sinne. Werk saam in julle groepe om sinne te vorm. Doen dit eers mondelings. Skryf dan enige vyf sinne in die spasie onderaan.




Figure 2.22

Aktiwiteit 4

Om eenvoudige vrae te beantwoord [LU 1.1.1]

Om ander 'n beurt te gee om te praat[LU 1.5.1]

Om na ander te luister [LU 1.5.2]

2.7.4 NEE! ('n mondeline aktiwiteit)

Werk in groepe en neem beurte om 'n vraag te vra. Die leerder wat die vraag beantwoord, begin elke keer sy/haar antwoord met "Nee, ..." en dan sê hy/sy die regte sin.



Figure 2.23

Julle kan selfs 'n maat se naam voor aan die vraag noem.

VRAE: Bad jy in die studeerkamer?

Speel jy speletjies in die kombuis?

Eet jy in die eetkamer?

Kook jy kos in die sitkamer?

Kyk jy televisie in die badkamer?

Ontvang jy besoekers in die kelder?

Assessering

2.7.4.1 LEERUITKOMS 1: LUISTER

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.

2.7.4.1.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

stories verstaan (aan leerders vertel of gelees):

- letterlike vrae beantwoord;
- ander leerders respekteer;

1.5.1 ander leerders 'n beurt gee om te praat.

1.5.2 luister na ander.

2.7.4.2 LEERUITKOMS 2: PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

2.7.4.2.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- die addisionele taal op 'n kreatiewe wyse gebruik:

2.4.3 'n bekende rympie, gedig of liedjie opvoer.

2.7.4.3 LEERUITKOMS 4: SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitlike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doelein-des te skryf.

2.7.4.3.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- vir 'n sosiale doel skryf:

4.2.1 'n eenvoudige nota of boodskap skryf.

2.7.4.4 LEERUITKOMS 5: DINK EN REDENEER

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

2.7.4.4.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

5.2 taal gebruik om te dink:

5.2.3 dinge klassifiseer (soos verskillende soorte voertuie) volgens bepaalde kriteria (soos die funksie en kapasiteit daarvan).

2.7.4.5 LEERUITKOMS 6: TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskot en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

2.7.4.5.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

6.3 sy/haar woordeskot ontwikkel:

6.3.4 ongeveer 2 000 tot 3 500 alledaagse gesproke woorde binne konteks verstaan teen die einde van graad

4. Indien leerders die addisionele taal vir leer in ander leerareaas gebruik, behoort hulle na 3 500 woorde te mik.

2.8 Wie woon daar?⁸

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

Graad 4

MY WOONPLEK

Module 14

WIE WOON DAAR?

⁸This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26174/1.1/>>.

Aktiwiteit 1

Om gebeure te voorspel [LU 1.1.2]

2.8.1 Om kort antwoorde op vrae te gee [LU2.1.2]**2.8.2 'N KIND BLY MAAR NUUSKIERIG ('n leesstuk)****(a) Lees die volgende leesstuk in jul groepe. Beantwoord dan die vrae mondelings in jul groepe.**

Hoekom is dit dat elke keer as ons verby die huis op die hoek van ons straat stap, ons eers 'n rukkie stilstaan en wonder oor wat daar binne aangaan?

Hierdie geheimsinnige dubbelverdiepinghuis wat met plante toegerank is, is vir die kinders in ons straat die grootste uitdaging. Die hoë heining om die huis maak dat ons nie bo-oor kan sien nie en daarom gaan staan ons stil by die skewe tuinhekkie en loer deur die openinge tussen die kromgetrekte planke om te sien of daar werlik iemand woon.

Nog nooit het ons 'n venster oop gesien of 'n rokje uit die skoorsteen gesien trek nie. By die voordeur lê so baie blare dat dit lyk asof niemand ooit die voorstoep vee nie. Die lang gras wat om die huis groei, sal net die regte speelplek vir 'n kind wees. Alles lyk so verlate, maar saans brand daar ligte in die huis en kan jy bewegings agter die gordyne, wat voor die vensters hang, sien.

Sal ons dit waag om die tuinhekkie oop te maak, met die paadjie langs tot by die voordeur te loop en die deurklokkie te lui... of is ons te bang?

Naslaan:		
geheimsinnig	-	secretive
uitdaging	-	challenge
kromgetrekte	-	bent wood
verlate	-	lonely
toegerank	-	covered by a creeper

Table 2.10

Bespreek die vrae mondelings in julle groepe en rapporteer terug aan die klas.

- (i) Waarom gaan staan al die kinders stil as hulle verby die dubbel-verdiepinghuis stap?
- (ii) Hoe lyk 'n dubbelverdiepinghuis?
- (iii) Hoekom sal kinders daarvan hou om in die lang gras te speel?
- (iv) Wat laat ons dink dat niemand ooit die stoep vee nie?
- (v) Hoe kan die kinders sien wat om die huis aangaan?
- (vi) Wat beteken dit dat niemand ooit 'n venster oop gesien het nie?
- (vii) Dink jy die huis is werlik verlate?
- (viii) Hoekom brand daar saans lig?
- (ix) Voltooi nou die storie mondelings in jul groepe. Vertel vir die ander groepe.

Aktiwiteit 2

Om byskrifte by 'n skets te skryf [LU 1.3.2]

Om korrek te spel [LU 4.5.2]

2.8.3 BUISTE DIE HUIS ('n luisteraktiwiteit en woordeskat)

Julle onderwyser sal vir julle woorde wys wat op 'n flitskaart óf op die bord óf op 'n transparant geskryf is.

- (a) **Kyk en luister goed as jul onderwyser die woorde een vir een aan julle wys en sê.**

Elke leerder soek op die prent hieronder 'n nommer wat by die woorde pas en skryf dan die nommer hieronder neer in die volgorde soos jul opvoeder dit sê.

Jou opvoeder sal nou weer die woorde lees. Vergelyk jou nommers met die res van jou groepie.

(b) Skryf nou hierdie woorde langs die regte nommer in die lyne onder die prent. Maak seker dat jy hulle reg spel.




Figure 2.24

Aktiwiteit 3

Om te verstaan dat verskillende persone verskillende rolle speel [LU 3.1.2]

2.8.4 WIE WOON WAAR? (lees en mondeling)

Kyk na die ry huise in Wesstraat en na die prente van die inwoners van die huise. Wie dink julle pas by watter huis?

Die leidrade op die volgende bladsy sal julle help. Lees die leidrade en skryf die huisnommer neer.



Figure 2.25

Mnr. Smith



Figure 2.26

Mnr. en mev. Petersen



Figure 2.27

Mnr. en mev. Johnston



Figure 2.28

Mej. Bailey



Figure 2.29

Mev. Williams



Figure 2.30

Mev. Manning



Figure 2.31

Mnr. James



Figure 2.32

Leidrade	Huisnommers
Mnr. Smith werk graag in sy tuin.	
Mnr. en mev. Petersen het 'n baba.	
Mnr. en mev. Johnston het twee kinders.	
Mej. Bailey het 'n hond.	
Mev. Williams gaan na 'n ander dorp verhuis.	
Mev. Manning swem graag.	
Mnr. James is sportief.	

Table 2.11**Assessering****2.8.4.1 LEERUITKOMS 1: LUISTER**

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.

2.8.4.1.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- stories verstaan (aan leerders vertel of gelees);
- voorspel wat volgende gaan gebeur.

1.3 mondelinge beskrywings verstaan:

1.3.2 'n diagram van byskrifte voorsien;

2.8.4.2 LEERUITKOMS 2: PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

2.8.4.2.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 2.1 interaksie in sy/haar addisionele taal voer:
 2.1.2 kort antwoorde op vrae gee.

2.8.4.3 LEERUITKOMS 3: LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

2.8.4.3.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 3.1 sommige elemente van stories op 'n eenvoudige manier verstaan:
 3.1.2 karakters (soos: Dink aan gepaste name vir karakters sonder name).

2.8.4.4 LEERUITKOMS 4: SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doelein-des te skryf.

2.8.4.4.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

4.5 ontwikkelende kennis gebruik van taalstruktuur en – gebruik:

4.5.2 bekende woorde korrek spel.

Memorandum

Aktiwiteit 2 (b)

1. TV-antenna
2. Dak
3. Motorhuis of garage
4. Skoorsteen of kaggel
5. Rook
6. Venster
7. Stoep
8. Garagedeur
9. Tuin of blombedding of struiken
10. Plaveisel of tuinpaadjie
11. Swembad
12. Heining
13. Posbus

Aktiwiteit 3

- ses
- twaalf
- twee
- veertien
- vier
- agt
- tien

2.9 Die sitkamer⁹

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

Graad 4

MY WOONPLEK

Module 15

DIE SITKAMER

Aktiwiteit 1

Om 'n blokkiesraaisel in te vul [LU 3.5.3]

⁹This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26173/1.1/>>.

2.9.1 Om te leer hoe om ‘n woordeboek te gebruik [LU 3.6.1]

Blokkiesraaisel (woordeskat)

Kyk na die prentjie van die sitkamer. Vul die blokkiesraaisel saam met 'n maat in. Maak gebruik van 'n woordeboek om die woorde na te slaan. Die leidrade is op die prentjie genommer. Julle kan die prent in die klas aanbring en jul eie flitskaarte byvoeg. Leer die spelling van die woorde vir 'n klastoets.




Figure 2.33

Table 2.12**Aktiwiteit 2**

Om sinne te voltooi [LU 4.5.1]

Die sitkamer (skriftelik)

Kyk nou weer na die prentjie van die sitkamer op die vorige blad. Hier volg sinne oor die prentjie, maar daar is woorde uitgelaat. Lees die sinne eers saam met 'n maat deur en dan kan julle dit individueel voltooi.

Vul een van die volgende in:

een, in, en, 'n

**Figure 2.34**

- Daar is netvissie die visbak.
- Op die tafeltjie isradio 'n blompot.
- Daar hang skildery aan die muur.
- Vader Moeder sit die sitkamer.
- Daar is nie stoel nie, maar twee stoele.
- Die boeke is netjies die boekrak gepak.

Ek het korrek ingevul.

Assessering

2.9.2 LEERUITKOMS 3: LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

2.9.2.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

3.5 vir genot en inligting lees:

- raaisels oplos (soos blokkiesraaisels);

3.6 naslaanwerke gebruik en woordeskat ontwikkel:

3.6.1 'n woordeboek gebruik.

2.9.3 LEERUITKOMS 4: SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doelein-des te skryf.

2.9.3.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 4.5 ontwikkelende kennis gebruik van taalstruktuur en – gebruik:
 - 4.5.1 paragrawe skryf met behulp van ‘n raam of struktuur as ondersteuning
- Memorandum
- Aktiwiteit 1(a)
 - (a) **af**
 - 1. koffietafel
 - 2. boekrak
 - 4. televisie
 - 6. klavier
 - 8. bank
 - 10. gordyne
 - 12. mat
 - 13. lamp
 - dwars
 - 3. stoel
 - 5. blompot
 - 7. skildery
 - 9. radio
 - 11. ornamente
 - 14. kaggel
- Aktiwiteit 2(b)
 - (i) een; in
 - (ii) is ‘n; en
 - (iii) ‘n
 - (iv) en; in
 - (v) een
 - (vi) in

2.10 Die slaapkamer¹⁰

2.10.1 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

2.10.2 Graad 4

2.10.3 MY WOONPLEK

2.10.4 Module 16

2.10.5 DIE SLAAPKAMER

2.10.5.1 Aktiwiteit 1

2.10.5.2 Om voorwerpe uit te ken en te definieer [LU 5.2.9]

DIE SLAAPKAMER

Pas die woorde (woordeskat)

Kies uit die kas die regte woord vir elk van die volgende prentjies. Skryf die woorde langs die prentjie neer.

¹⁰This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26172/1.1/>>.












Figure 2.35






continued on next page



continued on next page



continued on next page




Table 2.13

2.10.5.3 Aktiwiteit 2**2.10.5.4 Om korrek te leer spel [LU 4.5.2]**

Leer die spelling van die woorde vir 'n speltoets en skryf jou toetspunt hier neer.

.....

2.10.5.5 Aktiwiteit 3**2.10.5.6 Om verskille in prente te bespreek [LU 1.3.1]**

Soek die verskil (Mondelinge speletjie)

Hieronder is twee prentjies, **A** en **B**, wat van mekaar verskil. Werk saam met 'n maat om die verskille uit te vind. Kies een prent (**A** of **B**) en hou die ander een toe. Draai jou rug op jou maat. Julle mag nou nie mekaar se prente sien nie.

A moet vir **B** vertel wat in sy/haar prent is en **B** moet vir **A** sê of hy/sy dit ook sien, bv.

A: Op die bedkassie is 'n leeslamp.

B: Ja, op die bedkassie is 'n leeslamp.

A: Op die vloer is 'n matjie.

B: Nee, daar is nie 'n matjie op die vloer nie.



Table 2.14

Ons het verskille gekry.

Bespreek die verskille met 'n ander groepie en vergelyk jul bevindinge met die res van die klas.

2.10.5.7 Aktiwiteit 4

2.10.5.8 Om 'n bekende situasie te rolspel [LU 2.2.1]

Kom ons maak die bed op (mondeling, aksies en instruksies)

Lees die volgende aksieketting van hoe om 'n bed op te maak en maak jul eie aksies daarby. Die hele klas kan dit saam sê of dit kan in groepe gedoen word.



Figure 2.36

2.10.5.9 Om instruksies uit te voer [LU 1.2.1]

2.10.5.10 Probeer nou om aan mekaar instruksies te gee van hoe om 'n bed op te maak. Neem beurte in jul groepe om die instruksies vir die res van die groep te gee, bv. Trek die lakens af.

2.10.6 Assessering

2.10.7 LEERUITKOMS 1: LUISTER

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.

2.10.7.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

1.2 mondelinge instruksies, aanwysings en beskrywings verstaan:

- fisiek op instruksies reageer (soos hoe om iets te maak).

1.3 verstaan mondelinge beskrywings:

1.3.1 mense, voorwerpe of plekke identifiseer.

2.10.8 LEERUITKOMS 2: PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

2.10.8.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

2.2 op kultureel gepaste maniere optree:

2.2.1 bekende situasies rolspel (soos gee aanwysings).

2.10.9 LEERUITKOMS 4: SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doelein-des te skryf.

2.10.9.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

4.5 ontwikkelende kennis gebruik van taalstruktuur en – gebruik:

4.5.2 bekende woorde korrek spel.

2.10.10 LEERUITKOMS 5: DINK EN REDENEER

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

2.10.10.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

5.2 taal gebruik om te dink:

5.2.9 met ondersteuning eenvoudige definisies skryf en voorbeeld gegee (soos: pas 'n begrip en sy definisie by 'n voorbeeld).

2.10.11 Memorandum

Aktiwiteit 1(a)

Hangkas
stoeltjie
kam
borsel
bedlampie
spieël
prente
kussing
laaikas
matjie
spieëltafel
pantoffels
boeke
wekker
laken
kombers
bed

2.11 Die badkamer en kombuis¹¹

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

Graad 4
MY WOONPLEK
Module 17
DIE BADKAMER EN KOMBUIS

2.11.1 DIE BADKAMER

Aktiwiteit 1

Om te leer om korrek te spel [LU 4.5.2]

¹¹This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26171/1.1/>>.




Figure 2.37

Woordeskat

Skommel die volgende letters om die woorde reg te skryf: [15 min.]

- (i) abkasw
 - (ii) okehnadd
 - (iii) rstot
 - (iv) ltieot
 - (v) pese
 - (vi) lwsapa
 - (vii) nsosp
 - (viii) pstnrdaeaat
 - (ix) psiële
 - (x) nkara
- Aktiwiteit 2

2.11.1.1 Om te leer om leestekens korrek te gebruik [LU 4.5.3, 6.2.14]

(a) Krane wat lek (Leestekens)

Die krane in die badkamer het gelek en die volgende druppels het uitgeval. Lees die sinne hieronder en kyk of julle kan sien waar die tekens wegkruip. Merk dit in die kleure soos aangedui.




Table 2.15

In die badkamer is 'n bad, 'n wasbak, 'n stort en 'n toilet. As ek wil bad, draai ek die krane oop en tap die bad vol water. Mag ek in die bad speel? Ja, ek mag. Oppas! Jy sal in die bad gely. Mamma, sal Mamma my asseblief kom afdroog?

Bespreek nou in jul groepe waarvoor elke druppelteken staan en hoekom die tekens op dié spesifieke plekke gebruik word. Vertel aan die ander groepe wat jul groepie dink.

(b) Vul nou die tekens by die volgende sinne in. Probeer dit eers op jou eie en merk af op die kontrolelys om te kontroleer of jy alle reëls nagekom het.

- (i) Sammy het jy jou tande geborsel
- (ii) Eina die water is warm
- (iii) Gebruik jy 'n waslap 'n spons of 'n naelborseltjie
- (iv) Ja ek het die krane toegedraai
- (v) As ek klaar gebad het droog ek myself met 'n handdoek af
- (vi) Pat gaan bad dadelik
- (vii) Nee die seep ruik nie lekker nie

KONTOLELYS VIR LEESTEKENS			Ek het onthou	Ek het nie onthou nie
	Plaas 'n komma:	tussen items wat opgenoem word;		
		tussen aksies wat opgenoem word;		
		na "nee" en "ja" aan die begin van 'n sin;		
		na die naam van 'n persoon wat jy aanspreek, veral aan die begin van 'n sin.		
continued on next page				

	Plaas 'n punt aan die einde van 'n sin.		
	Plaas 'n vraagteken aan die einde van 'n vraag.		
	Plaas 'n uitroep teken: by woorde wat uitgeroep word; aan die einde van 'n sin wat uitgeroep word.		

Table 2.16**Aktiwiteit 3**

Om 'n eenvoudige plan te lees [LU 3.3.1]

2.11.2 DIE KOMBUIS

- (a) Kyk hoe lyk die kombuis (lees en afleidings maak)

Kyk mooi na die prentjie van die kombuis.

Lees die volgende sinne en dui aan of die stellings waar, onwaar of nie genoeg bewyse het nie. Doen dit eers op jou eie. Merk die een wat jy kies met 'n [U+F033].

Vergelyk jou antwoorde met die res van jou groep en bespreek jul antwoorde as julle nie saamstem nie.

**Figure 2.38****W** - waar **O** - onwaar **OB** - onvoldoende bewys

		W	O	OB	
(i)	Daar is drie koppies op die tafel.				
(ii)	Die ketel staan langs die broodrooster.				
(iii)	Die yskas se deur is oop.				
(iv)	Daar is 'n koek in die oond.				
(v)	Moeder bak koek.				
(vi)	Die brood is klaar gerooster.				
(vii)	Die kombuiskassies is leeg.				
(viii)	Daar is 'n radio op die yskas.				
(ix)	Dit is vieruur die oggend.				
(x)	Daar is 'n kastrol op die stoof.				
(xi)	Die mikrogolfoond staan langs die wasbak.				
(xii)	Die glas is vuil.				
(xiii)	Daar is 'n potplant op die vensterbank.				
(xiv)	Daar is skottelgoed in die wasbak.				
(xv)	Die klitser lê tussen die mengbak en die koekplaatjie.				

Table 2.17

Aktiwiteit 4

Om dinge te klassifiseer [LU 5.2.3]

(b) Pasmaats (skriftelik)

In die kombuis is daar baie dinge wat by mekaar hoort. Kyk of julle die maats bymekaar kan pas.

Kies 'n woord uit lys **A** wat by 'n woord uit lys **B** sal pas en skryf dit neer. Die prentjies sal julle help. Doe dit eers op jou eie en dan in jou groep. Leer hierdie pasmaats vir 'n klastoets.

A	glas, blikkie, fles, doos, snytjie, koppie, sak, bottel, teelepel, sakkie
B	aartappels, sjokolade, ertjies, melk, suiker, brood, koeldrank, lekkers, konfyte, tee

Table 2.18

bv.

Teelepel..... suiker




Figure 2.39

Assessering

2.11.2.1 LEERUITKOMS 3: LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

2.11.2.1.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 3.3 vir inligting lees:
- 3.3.1 eenvoudige kaarte en planne lees (soos 'n roete).

2.11.2.2 LEERUITKOMS 4: SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doelein-des te skryf.

2.11.2.2.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 4.5 ontwikkelende kennis gebruik van taalstruktuur en – gebruik:
- 4.5.2 bekende woorde korrek spel;
- 4.5.3 begin om ‘n groter verskeidenheid leestekens te gebruik.

2.11.2.3 LEERUITKOMS 5: DINK EN REDENEER

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

2.11.2.3.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 5.2 taal gebruik om te dink:
- 5.2.3 dinge klassifiseer (soos verskillende soorte voertuie) volgens bepaalde kriteria (soos die funksie en kapasiteit daarvan).

2.11.2.4 LEERUITKOMS 6: TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

2.11.2.4.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

6.2 verskillende eenvoudige taalvorme en sinstrukture gebruik om mondelings en skriftelik te kommunikeer:

- 6.2.14 hoofletters en leestekens (punt, komma, vraagteken, uitroepeteken).

Memorandum

Aktiwiteit 1(a)

1. wasbak
2. handdoek
3. stort
4. toilet
5. seep
6. waslap
7. spons
8. tandepasta
9. spieël
10. kraan

Aktiwiteit 2(b)

- (i) Sammy, het jy jou tande geborsel?
 - (ii) Eina! Die water is warm!
 - (iii) Gebruik jy ‘n waslap, ‘n spons, of ‘n naelborseltjie?
 - (iv) Ja, ek het die krane toegedraai.
 - (v) As ek klaar gebad het, droog ek myself met ‘n handdoek af.
 - (vi) Pat, gaan bad dadelik!
 - (vii) Nee, die seep ruik nie lekker nie.
- Aktiwiteit 3(a)
- (i) W Aktiwiteit 4

teelepel	suiker
glas	koeldrank
blikkie	ertjies
fles	konfyt
doos	sjokolade
snytjie	brood
koppie	tee
sak	aartappels
bottel	melk
teelepel	suiker
sakkie	lekkers

Table 2.19

- (ii) W
- (iii) O
- (iv) OB
- (v) W
- (vi) OB
- (vii) OB
- (viii) O
- (ix) OB
- (x) W
- (xi) O
- (xii) OB
- (xiii) W
- (xiv) O
- (xv) W

2.12 Spelling en woordeskat¹²

2.12.1 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

2.12.2 Graad 4

2.12.3 MY WOONPLEK

2.12.4 Module 18

2.12.5 SPELLING EN WOORDESKAT

2.12.5.1 Aktiwiteit 1

2.12.5.2 Om korrek te leer spel [LU 4.5.2]

WOORDBOU en SPELLING

Kom ons bou woorde met die volgende bakstene:

¹²This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26405/1.1/>>.

aai		eeu		ooi		oei
-----	--	-----	--	-----	--	-----

Table 2.20

Hierdie bakstene kan saam met ander letters gepak word om 'n stewige muur te bou.
aai soos in

**Figure 2.40**

l		br		s	aai
	dr		w		
		sw			
r			sl		

Table 2.21

Gebruik die woordbakstene in die volgende sinne:

- Pappa vleis buite op die vuur en Mamma

maak 'n wat ons daarby kan eet.

- Die kinders speel graag buite op die in die parkie.
- In die badkamer ons die krane oop en tap die bad vol water.
- Ons bêre ons klere in 'n van die spieëlkas in ons slaapkamer.
- Pappa saadjies in die blombeddings in die tuin.
- As jy nie weet nie, moet jy watter huis ons s'n is.
- Elke keer as jy verby ons huis ry, ek vir jou.

(i) ooi soos in

**Figure 2.41**

..... hart
Verbind die betekenis (kolom B) met die woord (kolom A):

A	B
rooi	nie lelik nie
nooi	voer wat diere eet
gooi	‘n betaling vir ‘n diens gelewer
mooi	die kleur van bloed
ooi	sy doen dit met ‘n bal
plooï	as sy iemand vra om te kom kuier
strooi	‘n vou in jou vel of in materiaal
fooi	‘n vroulike skaap

Table 2.22

(i) eeu soos in

**Figure 2.42**

Gebruik die volgende woorde in sinne.

Skryf die sinne.

leeu; eeu; spreeu; sneeu; skreeu

(i) oei soos in

**Figure 2.43**

Onderstreep al die oei-woorde;

Die koei en haar kalfie wei in die veld. Sy loei as sy haar kalfie roep. Foei! die kalfie is nog baie klein en swak, maar groei elke dag 'n bietjie. Dit is moeilik om die koei te melk. Ons maak haar vas en boei haar aan 'n paal vas, maar sy roei en stoei om los te kom. As ons nie vars melk het nie, moet ons poeiermelk gebruik. 'n Goeie koei lewer baie melk.

Leer die spelling van die woorde en jou opvoeder sal jou spelling toets.

2.12.5.3 Aktiwiteit 2

2.12.5.4 Om woordeskat op te bou [LU 6.3.4]

MEUBELS IN DIE HUIS

Bingo-speletjie (woordeskat)

Elke leerder het sy eie blokkiespapier met 25 name van meubelstukke in die blokkies geskryf. Die opvoeder of een van die leerders wys 'n prent van een van die woorde vir die hele klas. Soek die woord wat by die prent pas en merk dit. Sodra 'n leerder 'n volle ry woorde (af, dwars of oorkruis) gemerk het, roep hy/sy "BINGO!".

(Wees versigtig as julle 'n woord merk. Daar is 'n vangplek.)

STOEL	WASBAK	BLOMPOT	YSKAS	LIG
WASLAP	BANK	LAAIKAS	BOEKRAK	KETEL
POTPLANT	STORT	STOOF	LAMP	PRENT
SPIEËLTAFEL	HANDDOEK	STOELTJIE	KAGGEL	OPWASBAK
KOFFIETAFEL	TEEPOT	SKILDERY	TAFEL	TELEVISIE

Table 2.23

Die wenners moet vir die res van die klas vertel watter woorde hulle in die ry gemerk het.

2.12.5.5 Aktiwiteit 3

2.12.5.6 Om ooreenkomsste en verskille raak te sien [LU 5.2.4]

Wat pas nie? (woordeskat)

Lees die volgende groepies woorde en omkring die woord wat jy dink nie pas nie. Probeer dit eers individueel en bespreek dit dan in jul groepe. Jy mag van jou maats verskil, maar vertel vir hulle hoekom jy so dink,

byvoorbeeld:

sitkamer, eetkamer, slaapkamer, kombuis

Jy kan **slaapkamer** kies as die woord wat nie pas nie, want in al die ander kamers kan jy sit en eet of iets drink.

1.	koppie	piering	bord	mes
2.	televisie	yskas	stoof	mikrogolfoond
3.	waslap	kraan	spons	seep
4.	mat	kombers	laken	kussing
5.	mes	vurk	beker	lepel
6.	stoel	bank	stoeltjie	koffietafeltjie
7.	venster	spieël	prent	skildery
8.	boeke	matjie	wekker	ornamente
9.	deur	dak	venster	tuin
10.	leeslamp	blompot	gordyne	ornamente

Table 2.24**2.12.5.7 Aktiwiteit 4****2.12.5.8 Om korrek te leer spel [LU 4.5.2]****WOORD SOEK WOORD**

Kom ons voeg twee woorde saam. ('n speletjie en 'n skriftelike taak)

Verdeel in groepe van 16. Daar is twee stelle van 16 kort woorde wat, as dit saamgevoeg word, agt langer woorde vorm (bv. sit + kamer : sitkamer). Een stel is vir groep A en een stel vir groep B.

Jul opvoeder sal vir elke leerder in 'n groep 'n kort woord gee. Beweeg dan rond in jou eie groep en soek 'n maat wat die ander deel van die woord het. As die woorde wat julle twee het, saamgevoeg kan word, moet julle sit. Kyk watter groep kan hulle woorde die gouste bou.

Ruil groepe en deel weer die woorde uit. Probeer nou weer om die saamgestelde woorde te vorm.

Verbind nou die woorde in die bakstene hieronder met mekaar:

blom	doek	was	plant
tee	lamp	pot	kas
hand	kamer	tee	kussing
laai	pot	klere	rak
bed	bak	motor	lap
spieël	lepel	kop	kassie
eet	kas	boek	pot
was	tafel	bed	huis

Table 2.25

Leer die samestellings en die spelling van die woorde.

2.12.6 Assessering**2.12.7 LEERUITKOMS 4: SKRYF**

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doelein-des te skryf.

2.12.7.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 4.5 ontwikkelende kennis gebruik van taalstruktuur en – gebruik:
- 4.5.2 bekende woorde korrek spel.

2.12.8 LEERUITKOMS 5: DINK EN REDENEER

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

2.12.8.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 5.2 taal gebruik om te dink:
- 5.2.4 ooreenkoms en verskille tussen dinge identifiseer (soos tussen ‘n helikopter en ‘n vliegtuig).

2.12.9 LEERUITKOMS 6: TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

2.12.9.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 6.3 sy/haar woordeskat ontwikkel:
- 6.3.4 ongeveer 2 000 tot 3 500 alledaagse gesproke woorde binne konteks verstaan teen die einde van graad 4. Indien leerders die addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na 3 500 woorde te mik.

2.12.10 Memorandum

2.12.10.1 Aktiwiteit 1(a)(a)(i) rooi

haai rooi – die kleur van bloed

braai nooi – as jy iemand vra om te kom kuier

slaai gooie – jy doen dit met ‘n bal

swaai mooi – nie lelik nie

draai ooi – ‘n vroulike skaap

laai plooie – ‘n vou in jou vel of in materiaal

saai strooi – kaf wat diere eet

raai fooi – ‘n betaling vir ‘n diens gelewer

waai

(iii)

koei

koei

koei

goeie

poeiermelk

stoei

roei

loei

foei

groei
moeilik

2.12.10.2 Aktiwiteit 3(a)Aktiwiteit 4

1. mes blom.....pot boek.....rak
2. televisie tee.....lepel bedkassie
3. kraan hand..... doek
4. mat laai.....kas
5. beker bed.....lamp
6. koffietafeltjie spieël....tafel
7. venster eetkamer
8. matjie was.....bak
9. tuin was.....lap
10. gordyne pot.....plant
tee.....pot
klere.....kas
motor.....huis
kopkussing

2.13 Huisskoonmaak¹³

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

Graad 4
MY WOONPLEK
Module 19
HUISSKOONMAAK
Aktiwiteit 1
Om ‘n gedig te lees en dit te geniet [LU 3.5.1]

2.13.1 HUISSKOONMAAK (Begripslees en skryf)

- (a) 'n Gedig. Lees die gedig in groepe van vier. Elke leerder kry 'n beurt om 'n strofe te lees.
BESEM EN STOFLAP

In die kombuis se besemkas,
die bêreplek van Besem en Stoflap
word daar gestry en geredeneer
oor wie se werk word die hoogste geëer.
Stoflap dink hy is die heel belangrikste,
want sonder hom sal die huis nie blink.
Die meubels gee hy 'n sagte vryf
en hou die huis skoon met sy geel lyf.
Besem is weer tog te spoggerig
en sê: "Ek vee die vloere en die stoepe skoon.
Alles wat nie hoort en in my pad voorkom,
vee ek weg tot in die vullisdrom."
Die twee besef nou dat elkeen se werk
net so belangrik is soos die ander een.
Tesame word hul vir hul werk beloon
met 'n huis wat skoon en netjies vertoon.

¹³This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26157/1.1/>>.

**Figure 2.44****Aktiwiteit 2**

Om eenvoudige sinne te skryf [LU 4.2.1]

(b) Bespreek nou die volgende vrae in jul groepie en skryf dan die antwoorde in volledige sinne neer. Jou opvoeder sal jou sinne merk.

(i) Wat doen die besem?

(ii) Wat doen die stoflap?

(iii) Hoe lyk die huis as hulle klaar is?

Aktiwiteit 3

Om instruksies te gee [LU 2.3.2]

(c) Instruksies gee. ('n mondelinge aktiwiteit)

Hoe sal Mamma vir ons vra om haar met die volgende takies te help?


**Figure 2.45****Figure 2.46**



Figure 2.47




Figure 2.48



Figure 2.49

Werk in groepe van vier. Elke leerder kry twee keer 'n beurt om 'n instruksie volgens die prente te gee. Die maat aan wie jy die instruksie gee, moet weer vir die res van die groep vertel wat jy gesê het.

Bv.



Figure 2.50

Aktiwiteit 4

Om rolspel te doen [LU 2.2.1]

(d) 'n Liedjie (mondelinge vaslegging van aksies en rolspel)

Sing nou die volgende versies op die wysie van "**Polly put the kettle on**".

(i) Sannie sit die ketel aan, ketel aan, ketel aan

Sannie sit die ketel aan

ons wil teetjies drink.

(ii) Jody maak jou bed gou op, bed gou op, bed gou op

Jody maak jou bed gou op

en pak jou klere weg.

(iii) ... stof die meubels af, meubels af, meubels af

... stof die meubels af

en hou die huisie skoon.

(iv) ... vryf die vloere blink, vloere blink, vloere blink

... vryf die vloere blink

en vee die stoepe skoon.

(v) ... dek die tafel nou, tafel nou, tafel nou

... dek die tafel nou

ons gaan kossies eet.

(e) Mimiek - Huisskoonmaak

In jul groepe kan julle elkeen 'n beurt kry om vir die res van die groep te laat raai waarmee jy besig is deur aksies sonder woerde te maak.

Elke groep kry nou 'n beurt om gesamentlik d.m.v. mimiek aksies vir die ander groepe te wys. Onthou om groot bewegings te maak wat duidelike voorstellings is. Gebruik jou hele lyf om die aksies voor te stel.

Onderstreep hoe jy voel.

Ons mimiek was geslaagd / nie geslaagd nie

Ons het dit geniet / nie geniet nie.

Die ander groepe kon ons voorstelling reg raai / nie reg raai nie.

Aktiwiteit 5

Om eenvoudige sinne te skryf [LU 4.2.1]

Wat sê hulle? (skriftelik)

Skryf neer wat elke persoon in die prentjie sê. Skryf die sinne op die volgende bladsy neer.



Figure 2.51



Figure 2.52



Figure 2.53



Figure 2.54

I

II

III

IV

Assessering

2.13.1.1 LEERUITKOMS 2: PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

2.13.1.1.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

2.2 op kultureel gepaste maniere optree:

2.2.1 bekende situasies rolspel (soos gee aanwysings).

- die addisionele taal gebruik om inligting oor te dra:

2.3.2 eenvoudige instruksies gee.

2.13.1.2 LEERUITKOMS 3: LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

2.13.1.2.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 3.5 vir genot en inligting lees:
- 3.5.1 heelwat fiksie- en nie-fiksie-boeke op 'n gepaste lees- en taalvlak lees.

2.13.1.3 LEERUITKOMS 4: SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitlike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doelein-des te skryf.

2.13.1.3.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- vir 'n sosiale doel skryf:

4.2.1 'n eenvoudige nota of boodskap skryf.

Memorandum

Aktiwiteit 2(b)

- (i) Die besem sê: "Ek vee die vloere en die stoepe skoon."
- (ii) Die stoflap gee die meubels 'n sagte vryf en hou die huis skoon.
- (iii) Die huis vertoon skoon en netjies.

Aktiwiteit 5

1. Ek stof die huis af.
2. Ek was die skottelgoed.
3. Ek verf die huis.
4. Ek bak 'n koek.

2.14 Huis te koop¹⁴

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

Graad 4

MY WOONPLEK

Module 20

HUIS TE KOOP

HUIS TE KOOP

Aktiwiteit 1

Om vir inligting te lees [LU 3.3.4]

- (a) Werk dit uit ('n leesstuk).

Lees die inligtingstuk en werk dan uit watter huis by elke nommer pas.

Doen dit eers op jou eie en vergelyk dan jou antwoord met die res van die groep.

¹⁴This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26153/1.1/>>.

Huis A	het vier slaapkamers met twee badkamers.
Huis B	het een minder slaapkamer as D .
Huis C	het 'n groot tuin en 'n swembad.
Huis D	is 'n dubbelverdiepinghuis met drie slaapkamers en 'n studeerkamer.
Huis E	se kombuis is kleiner as D se kombuis, maar groter as B se kombuis, en het 'n televisiekamer.
Huis F	het een meer slaapkamer as A en 'n speletjieskamer, asook 'n groter tuin as C .

Table 2.26

		HUIS
(i)	Hierdie huis is die hoogste.	
(ii)	Watter huis het die meeste slaapkamers?	
(iii)	Hierdie huis het 'n studeerkamer.	
(iv)	In watter huis kyk hulle televisie?	
(v)	Daar is genoeg slaapkamers vir elk van die drie kinders en ook 'n gastekamer in hierdie huis.	
(vi)	Hierdie huis is net reg vir 'n klein gesin.	
(vii)	Watter huis se mense swem in die somer?	
(viii)	Hierdie huis het die grootste tuin.	
(ix)	Daar is genoeg badkamers vir 'n groot gesin.	
(x)	Watter huis het die kleinste kombuis?	

Table 2.27

Ek het huise korrek gepas.

Advertisings

Vir die opvoeder:

Die leerders moet aangemoedig word om advertensies van huise wat te koop is, skool toe te bring.

Die mondelinge aktiwiteit kan individueel gedoen word om deur die opvoeder geassesseer te word.

Aktiwiteit 2

Om advertensies vir inligting te lees [LU 3.3.6]

(b) Bring advertensies van huise wat te koop is, skool toe. Lees die advertensies in jul groepe en besluit watter huis jy graag sal wil koop.

My Droomhuis

Aktiwiteit 3

Om in die tweede taal oor 'n bekende onderwerp te praat [LU 2.1.3]

(c) Vertel nou aan die klas hoe jou droomhuis moet lyk.

Maak gebruik van die kontrolelys om jou te help met die beplanning van jou mondeling.

KONTOROLELYS VIR MONDELING

Ek het onthou om oor die volgende te vertel:	JA	NEE
Die buitekant van die huis en die tuin.		
Die verskillende vertrekke.		
die meubels, bv. kaste, asook matte, teëls en gordyne.		

Table 2.28

Aktiwiteit 4

Om self 'n advertensie te skryf [LU 4.4.1]

(a) My eie advertensie (skriftelik)

Skryf nou jou eie advertensie van jou droomhuis. Onthou om die huis so goed as moontlik te beskryf.

Assessering

2.14.1 LEERUITKOMS 2: PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

2.14.1.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

2.1 interaksie in sy/haar addisionele taal voer:

2.1.3 deelneem aan 'n kort gesprek oor 'n bekende onderwerp.

2.14.2 LEERUITKOMS 3: LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

2.14.2.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 3.3 vir inligting lees;
- 3.3.4 diagramme, grafieke en tabelle lees (soos 'n stamboom);
- 3.3.6 tekste oor die kurrikulum heen lees (soos 'n advertensie – Ekonomiese en Bestuurswetenskappe).

2.14.3 LEERUITKOMS 4: SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitlike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doelein-des te skryf.

2.14.3.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 4.4 mediatekste ontwerp;
- 4.4.1 'n eenvoudige plakkaat of kennisgewing ontwerp.

Chapter 3

Kwartaal 3

3.1 Winkel-winkel¹

3.1.1 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

3.1.2 Graad 4

3.1.3 DORP TOE

3.1.4 Module 21

3.1.5 WINKEL-WINKEL

3.1.5.1 Aktiwiteit 1

3.1.5.2 Om winkels te klassifiseer volgens soort [LU 5.2.3]

(Sortering en woordeskat)

(a) Bring prente van artikels, wat by verskeie soorte winkels gekoop kan word, skool toe. Maak gebruik van advertensieblaie en tydskrifte.

Sorteer die prente uit onder die volgende temas :

skoenwinkel	bakkery
supermark	groentemark
klerewinkel	slaghuis
meubelwinkel	troeteldierwinkel
kafee	bloemiste
sportwinkel	boekwinkel
apteek	

Table 3.1

(b) Werk in groepe om 'n plakkaat van elke soort winkel saam te stel.

Elke groep kies een van die onderwerpe/winkels bo genoem en maak 'n plakkaat deur die prente van die artikels wat by 'n spesifieke winkel gekoop kan word, te plak en die winkel se naam bo-aan te skryf. Hierdie plakkate kan in die klas aangebring word.

¹This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26406/1.1/>>.



Figure 3.1

3.1.5.3 Aktiwiteit 2

3.1.5.4 Om vir inligting op 'n gepaste vlak te lees [LU 3.5.1]

EINDE VAN DIE MAAND

('n Leesstuk met woordeskat en spellingaktiwiteite)

Lees die leesstukkie in julle groepe en bespreek dan die vrae wat daarop volg.

"Einde van die maand" het vir elkeen van ons 'n ander betekenis : Vir Pa is dit betaaldag ; die dag waarop hy sy salaris van die werk kry. Vir Ma beteken dit om weer haar koskaste vol te kry, want ons gaan mos dorp toe om inkopies te doen.

Ons kinders weet al dat dit die dag is waarop ons bederf word. By die klerewinkels kry ons elkeen 'n kledingstuk wat ons die nodigste het. Adri het kerkskoene nodig, Manus moet 'n skooltrui kry en ek wil so graag 'n nuwe rok hê, maar Ma sê ek kort frokkies en sokkies en daarom sal die rok eers moet wag tot volgende maand. Manus het verlede week verjaar en Pa het belowe dat hy vir homself 'n geskenk by die speelgoedwinkel kan gaan uitsoek. Ai, en geniet ons dit nie om daar na al die speelgoed te kyk nie !

Pa jaag ons gewoonlik aan, want hy moet by die bank en by die poskantoor wees voor hulle toemaak. Dit is die verveligste van hierdie dag se uitstappie, want daar is altyd sulke lang toue mense wat wag om by die toonbanke deur die klerke bedien te word en ons kinders moet ons mooi gedra anders kry ons nie roomys nie.

Ma het altyd 'n inkopielys by haar en as sy dit uithaal, weet ons dat ons supermarket toe gaan. Hierstry ons kinders oor wie eerste die trollie gaan stoot terwyl dit nog lig is en as ons by die lekkergoedrakke kom, is niemand meer lus om verder te gaan nie. Ma glo daaraan om vleis by die slaghuis en groente by die groentemark te koop, maar gelukkig het die supermarket hul eie bakkery en kan ons heerlike vars broodrolletjies koop. Die geur van die warm brood maak ons so honger dat Pa altyd inwillig om ons restaurant toe te neem om iets te eet en te drink.

Terwyl Pa die kruideniersware in die motor laai, gaan Ma gou apteek toe om Adri se hoesmedisyne te kry. By die ingang van die winkelsentrum, net buite die bloemiste, koop Pa vir Ma 'n bos blomme. Die motor is gewoonlik volgelaai as ons daar wegry.

Nog net twee keer se stilhou: by die slaghuis en by die groentemark en dan huis toe. Nou is ons kinders al so moeg en weet ons dat die onaangenaamste werk nog voorlê. Ja, die motor moet by die huis uitgepak word en wie is nou lus daarvoor !

salaris	-	salary	uitstappie	-	outing
bederf	-	spoil	toue (mense)	-	queues
belowe	-	promise	inwillig	-	agree
vervelig	-	boring	onaangenaam	-	unpleasant

Table 3.2**3.1.5.5 Aktiwiteit 3****3.1.5.6 Om korrek te leer spel [LU 6.1.2]****3.1.5.7 Om in die tweede taal oor ‘n bekende onderwerp te praat [LU 2.1.3]**

(a) Onderstreep al die soorte besighede (winkels en ander geboue) in die leesstuk. Vergelyk nou jul woorde met die res van die groep.

(b) Hou nou die leesstuk toe en skryf soveel besighede as wat julle as ’n groepie kan onthou op ongedrukte koerantpapier neer. Een leerder skryf, terwyl die ander lede die besighede opnoem en kyk of die woorde reg gespel is. Wys julle woorde vir ’n ander groep om te kontroleer.

(c) Bespreek die volgende vrae in julle groepe.

- Wat was die verveligste van die dag se uitstappie?
- Vir wie was dit die verveligste?
- Hoekom dink julle was dit juis vir hulle vervelig?
- Hoekom dink julle koop Ma nie groente by die supermarket nie?
- Wat dink julle is ‘n inkopielys?

3.1.5.8 Aktiwiteit 4**3.1.5.9 Om besighede te klassifiseer volgens persoonlike ervaring [LU 5.2.3]**

Watter plekke of besighede is vir jou vervelig of onaangenaam om by aan te doen en watter is aangename plekke? Merk in die kolomme met ’n [U+F033]

	Aangenaam	Onaangenaam
Supermark		
Bank		
Groentemark		
Bioskoop		
Bakkery		
Poskantoor		
Skoenwinkel		
Haarsalon		
Slaghuis		
Restaurant		
Tandarts		
Aptek		

Table 3.3

3.1.5.10 Aktiwiteit 5

3.1.5.11 Om bekende woorde te leer korrek spel [LU 4.5.2]

Lees weer paragraaf twee.

Kyk na die baie lang woorde. Ons kan hierdie woorde in stukkies opbreek. Sê die woorde stadig en daar waar ons 'n ruspose neem, kan ons die woord afbreek,

byvoorbeeld: kin-ders frok-kies

kle-re-win-kels skool-trui

Doen nou dieselfde met hierdie woorde:

kerkskoene

volgende

speelgoedwinkel

kledingstuk

sokkies

Die woorde **sokkies** en **frokkies** het elk 'n dubbele "k". Onthou julle nog dat die "**o**" 'n kort klinker is? 'n Kort of "baba-klinker" moet altyd 'n hekkie agter hom hê wat toe is, anders loop hy weg en daarom breek ons die woorde tussen die twee "k's" (medeklinkers) af.

In die woord **klere** het die "e" 'n lang klank. Die klinker is dus sterk en kan alleen staan, daarom breek ons af na die lang klank,

bv. kle – re bo-me vu-re

be – ne bla-re



Figure 3.2

Werk saam met 'n maat en blaai deur koerante en tydskrifte. Soek lang woorde, knip dit uit en plak dit in die spasie hieronder. Breek die woorde op in lettergrepe (dele) soos hierbo deur 'n / tussen lettergrepe in te teken.

Wys julle woorde vir 'n ander groep. Stem hulle saam met julle?

3.1.6 Assessering

3.1.7 LEERUITKOMS 2: PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

3.1.7.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 2.1 interaksie in sy/haar addisionele taal voer;
- 2.1.3 deelneem aan 'n kort gesprek oor 'n bekende onderwerp.

3.1.8 LEERUITKOMS 3: LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

3.1.8.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 3.5 vir genot en inligting lees;
- 3.5.1 heelwat fiksie- en nie-fiksie-boeke op 'n gepaste lees- en taalvlak lees.

3.1.9 LEERUITKOMS 4: SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doelein-des te skryf.

3.1.9.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 4.5 ontwikkelende kennis gebruik van taalstruktuur en – gebruik;
- 4.5.2 bekende woorde korrek spel.

3.1.10 LEERUITKOMS 5: DINK EN REDENEER

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

3.1.10.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 5.2 taal gebruik om te dink;
- 5.2.3 dinge klassifiseer (soos verskillende soorte voertuie) volgens bepaalde kriteria (soos die funksie en kapasiteit daarvan).

3.1.11 LEERUITKOMS 6: TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

3.1.11.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

6.1 bekende woorde korrek spel:

6.1.2 alledaagse woorde met enkel- en dubbelvokale en –konsonante (soos: boom/bome, blom/blomme).

3.1.12 Memorandum

3.1.12.1 Aktiwiteit 2

klerewinkels; speelgoedwinkel; bank; poskantoor; supermarket;

slaghuis; groentemark; supermarket; bakkery; aptek; winkelsentrum; bloemiste; slaghuis; groentemark

Aktiwiteit 3 (c)

Die verveligste was 'n besoek aan die bank en die poskantoor.

Vir die kinders.

Die toue was lank en hulle moes dus lank wag.

Die groentewinkel se groente was varser.

'n Inkopielys bevat al die items wat by die winkels gekoop moet

word.

Aktiwiteit 5

kerk – skoe – ne

vol – gen – de

speel – goed – win – kel

kle – ding – stuk

sok – kies

sok – kies

3.2 Ken die alfabet²

3.2.1 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

3.2.2 Graad 4

3.2.3 DORP TOE

3.2.4 Module 22

3.2.5 KEN DIE ALFABET

ALFABETIESE VOLGORDE

In module 21 lees ons dat Mamma 'n inkopielys by haar het. Sy het 'n paar items op haar lysie neergeskryf en merk dit af soos sy dit in die trollie pak. Om die name makliker op die lys te kan lees, sal dit help as die lys in alfabetiese volgorde geskryf is.

ONS IS DIE LETTERS VAN DIE ALFABET

BEGIN BY A EN EINDIG BY Z

26 VAN ONS IN 'N RY

ELK HET SY VASTE PLEK GEKRY

²This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26180/1.1/>>.

**Figure 3.3**

Skryf die alfabet neer.

.....
.....
.....
.....
.....
.....

ONTHOU : As twee woorde met dieselfde letter begin, kyk jy na die tweede letter, byvoorbeeld **beet** word voor **botter** geplaas, want die letter **e** is voor die letter **o** in die alfabet.

3.2.5.1 Aktiwiteit 1

3.2.5.2 Om woorde alfabeties te rangskik [LU 5.2.2]

Skryf nou Mamma se inkopielys vir haar in alfabetiese volgorde neer.

Inkopielys	Alfabetiese volgorde
pap	
kaas	
eiers	
melk	
botter	
meel	
koffie	
rys	
boontjies	
suiker	

Table 3.4

3.2.6 Assessering

3.2.7 LEERUITKOMS 5: DINK EN REDENEER

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

3.2.7.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

5.2 taal gebruik om te dink:

- rangskik dinge volgens bepaalde kriteria (soos van die oudste tot die nuutste).

3.2.7.2 Memorandum

Aktiwiteit 1

- boontjies
- botter
- eiers
- kaas
- koffie
- meel
- melk
- pap
- rys
- suiker

3.3 Ken jou dorp³

3.3.1 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

3.3.2 Graad 4

3.3.3 DORP TOE

3.3.4 Module 23

3.3.5 KEN JOU DORP

3.3.5.1 Aktiwiteit 1

3.3.5.2 Om ‘n eenvoudige plan te lees [LU 3.3.1]

‘N DORPSPLAN

(‘n Luisteraktiwiteit)

(a) Kyk mooi na die kaart van die dorp terwyl jou onderwyser vir jou voorlees hoe jy moet loop om vir hom\haar te ontmoet.

Luister versigtig en vergelyk met ‘n maat om te bepaal of julle by dieselfde gebou uitgekom het.

³This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26407/1.1/>>.




Figure 3.4

WAAR IS JY?

Ek kon die plek kry. [U+F034] [U+F038]

3.3.5.3 Aktiwiteit 2

3.3.5.4 Om mondelinge instruksies te gee [LU 2.3.2]

(b) **VOLG MY INSTRUKSIES** ('n Mondelinge aktiwiteit)

Werk nou in groepe van vier of vyf en neem beurte om vir jou maats in die groep instruksies te gee om by 'n sekere gebou uit te kom.

Maak gebruik van die dorpsplan.

Kyk of al jou maats by dieselfde plek uitgekom het.

3.3.5.5 Aktiwiteit 3

3.3.5.6 Om 'n kort boodskap te skryf [LU 4.2.1]

BY DIE POSKANTOOR

'n Skriftelike aktiwiteit

Iemand verjaar en jou ouers stuur jou poskantoor toe om 'n telegram vir die persoon te stuur. Jy kan self kies vir wie jy 'n telegram wil stuur. Die boodskap moet kort wees, aangesien jy vir elke woord moet betaal.

Bestudeer eers die telegramvorm in julle groepe en bespreek wat julle waar gaan skryf.

Vul nou jou eie telegramvorm in en wys dit vir 'n maat om te lees. Die kontrolelys onderaan sal jou help met die invul van die telegram.

	Binnelandse gram Inland gram	Tele- Tele-	BEDRAG / AMOUNT	No.
<i>continued on next page</i>				

AANTO	BLOKLETTERS/BLOCK LETTERS	
VAN:FROM:		
Moenie oor-gesend word nie. <i>Not to be transmitted.</i>	Handtekening van afsender Signature of sender	Adres Address
	Voorletters en van in blokletters Initials and surname in block letters	Telefoonnummer (as daar is) <i>Telephone number (if any)</i>
LW – Postal SA Bpk is nie vir verliese ween die onjuiste oorsending, vertraging of nie-aflewering van telegramme aanspreeklik nie. Onduidelike skrif kan vertraging en onjuiste oorsending veroorsaak.		NB – Postal SA Ltd is not liable for losses owing to incorrect transmission, delay or non-delivery of telegrams. Indistinct writing can cause delays and incorrect transmission.
Postal SA Bpk Registrasieno.	Postal SA Ltd Registration nr.	208000
(Postal Print (012)72-1234-91-10 000)		

Table 3.5

Skryf die ontvanger se naam, van en adres by die ‘aan’ blokkie.

Skryf die boodskap kort en duidelik.

Skryf van wie die boodskap is (sender).

Plaas jou handtekening in die regte spasie.

Skryf jou voorletters, van, adres en telefoonnummer.

3.3.5.7 Aktiwiteit 4

3.3.5.8 Om besighede en hulle produkte te klassifiseer [LU 5.2.3]

BESIGHEDEN IN ONS DORP

Woordbou

Knip die dele van die woorde op die volgende blad uit om die name van die besighede in die dorp te bou. Plak die dele in die spasies by die ooreenstemmende leidraad.

vars brood
boeke leen
mediese voorskrif
telegram
biltong, wors
filmvertoning
kruideniersware
klerasie
uiteet
aanklagkantoor
vrugte, groente

Table 3.6

ruikers, kranse	
stoele, beddens	

Table 3.7

SLAG	TEEK	MARK	KE
BIO	SU	KEL	MARK
KAN	MEU	WIN	SKOOP
PO	RE	SIE	KEL
POS	MIS	TOOR	KLE
LIO	WIN	BEL	AP
RANT	GROEN	TE	RY
BLOE	RES	TE	BIB
TOOR	TEEK	PER	TAU
BAK	HUIS	LI	KAN

Table 3.8

3.3.6 Assessering

3.3.7 LEERUITKOMS 2: PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

3.3.7.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- die addisionele taal gebruik om inligting oor te dra:

2.3.2 eenvoudige instruksies gee.

3.3.8 LEERUITKOMS 3: LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

3.3.8.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

3.3 vir inligting lees:

3.3.1 eenvoudige kaarte en planne lees (soos 'n roete).

3.3.9 LEERUITKOMS 4: SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doelein-des te skryf.

3.3.9.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- vir 'n sosiale doel skryf:

4.2.1 'n eenvoudige nota of boodskap skryf.

3.3.10 LEERUITKOMS 5: DINK EN REDENEER

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

3.3.10.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

5.2 taal gebruik om te dink:

5.2.3 dinge klassifiseer (soos verskillende soorte voertuie) volgens bepaalde kriteria (soos die funksie en kapasiteit daarvan).

3.3.11 Memorandum

3.3.11.1 Aktiwiteit 4

- bak-ke-ry

- bib-lio-teek

- ap-teek

- pos-kan-toor

- slag-huis

- bi-os-koop

- su-per-mark

- kle-re-win-kel

- res-tau-rant

- po-li-sie-kan-toor

- groen-te-mark

- bloe-mis-te

- meu-bel-win-kel

3.4 Woordbou en spelling⁴

3.4.1 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

3.4.2 GRAAD 4

3.4.3 DORP TOE

3.4.4 Module 24

3.4.5 WOORDBOU EN SPELLING

3.4.5.1 Aktiwiteit 1

3.4.5.2 Om alledaagse woorde met enkel- en dubbelvokale korrek te spel [LU 6.1.2]

WOORDBOU EN SPELLING

Woorde met **twee medeklinkers** aan die begin:

Werk in groepe en skryf op ongedrukte koerantpapier (soveel as wat julle kan) woorde wat met die volgende begin (verdeel die klanke tussen jul groepe sodat elke groepie se klanke verskil):

bl- br- dr- dw- fl- fr- gl- gr- kl- kr- kw- pl- pr- sk- sl- sm- sn- sp- st- sw- tr- tw- vl- vr-

Voltooi die woorde sodat dit in die sin pas.

Ons koop bl..... by die bloemiste. (flowers)

Die kinders is altyd bl.... as Moeder dorp toe gaan, want dan kry hulle elkeen 'n bl..... koeldrank. (pleased, tin)

In ons dorp is daar 'n br..... oor die rivier. (bridge)

Ons dr..... 'n pienk br..... melk by die restaurant. (milkshake)

Aan die begin van die jaar koop die ouers die kinders se skooldr..... by die kl..... winkel. (uniform)

Ouboet is lief om by die sportwinkels rond te dw..... (wander)

Die musikant staan op die hoek van die str..... en speel op sy fl..... . (street, flute)

By die tr..... dierwinkel is 'n fr..... klein hondjie. (pet, cute)

Pappa moet 'n gl..... lamp vir die leeslamp gaan koop. (bulb)

Ons gr..... al die mense wat ons in die dorp raakloop. (greet)

Die kassiere gee vir ons kl..... as ons vir ons kr..... betaal. (change, groceries)

Moeder koop vir ons potloodkr waarmee ons kan teken.
(pencil crayons)

Die kw..... winkelier jaag die st..... kinders uit die winkel.
(stern, naughty)

Die melkery kr..... hul melk van die pl..... . (to get, farm)

By die winkelsentrum is daar baie eetpl..... . (places to eat)

Die artikels se pr..... is baie hoog. (prices)

Die kinders geniet hulself by die pr..... . (fun park)

Mamma het vir haar kinders sk..... gekoop. (school shoes)

Ek het so baie kruideniersware gekoop dat die sak sk..... (to tear)

Die meeste besighede sl..... om sesuur. (closes)

Die kinders sm..... hul ouers om bioskoop toe te gaan.

Die sm..... staan en verkoop hul vr..... en
gr..... op die hoeke van die strate. (hawkers, fruit, vegetables)

Ons koop lekkers by die sn..... (tuck shop)

⁴This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26418/1.1/>>.

Ons sp..... ons geld by die bank, want ons sal sp.....
 wees as ons dit sp..... (save, sorry, spend)
 Die dogtertjie st..... na al die mooi goed wat tydens Kerstyd
 uitgest..... word. (to stare, exhibited)
 Ons dr..... die sw..... sakke motor toe. (to carry, heavy)
 Ouma het wol gekoop om vir my 'n woltr..... te br.....
 (jersey, to knit)
 Die tw..... mense het oor 'n pr..... getw.....
 (two, price, to quarrel)
 Jy kan vl..... by die sl..... koop.
 (meat, butchery)
 Mamma gaan vr..... op 'n Saterdag dorp toe om haar inkopies te doen. (early)

3.4.5.3 Aktiwiteit 2

3.4.5.4 Om tabelle korrek te lees [LU 3.3.4]

3.4.5.5 Om dinge te klassifiseer en goeie sinne daaruit te maak [LU 5.2.3]

EK KOOP

(Sinsbou)

Nou dat ons weet watter artikels by 'n bepaalde besigheid of winkel hoort, gaan ons sinne maak.

Pas die volgende sinsdelle by mekaar om goeie sinne te vorm. Neem beurte in julle groepe om die sinne te lees.

Ek koop	vleis	by die	bakkery.
	medisyne		troeteldierwinkel.
	seëls		boekwinkel.
	kruideniersware		slaghuis.
	skryfbehoeftes		kafee.
	goudvissies		apteek.
	roomys		poskantoor.
	broodrolletjies		supermark.

Table 3.9

3.4.5.6 Aktiwiteit 3

3.4.5.7 Om meer leestekens te gebruik [LU 4.5.3, 6.2.14]

Beantwoord die volgende vrae en skryf die antwoorde in volsinne soos julle reeds geoefen het. Onthou om jou sinne met 'n hoofletter te begin en om 'n punt aan die einde te sit.

(i) Wat koop jy by die skoenwinkel?

.....

(ii) Waar koop jy meubels?

.....

(iii) Wat koop jy as jy groentemark toe gaan?

.....

(iv) Waar pos jy briewe?

.....
 (v) Waarheen gaan jy as jy medisyne moet koop?

3.4.5.8 Aktiwiteit 4

3.4.5.9 Om taal te leer deur 'n taalspeletjie te speel [LU 2.4.4]

HELP MY

('n Mondelinge speletjie met vrae wat gevra word)



Figure 3.5

- (a) Verdeel die klas in twee groepe (A en B).
- (b) Plak 'n naam van 'n winkel agter op die rug van elke leerder in groep A.
- (c) Hierdie leerders mag nie weet wat agter op hul rug geskryf staan nie.
- (d) Alle leerders beweeg nou in die klaskamer of op die speelgrond. Groep A se leerders stel vrae aan die ander groep se leerders om uit te vind watter winkel hulle voorstel.
- (e) Die leerders wat uitgevra word, mag alleenlik **JA** of **NEE** antwoord.
(Daar moet dus gewaak word teen dubbel vrae.)
- Byvoorbeeld:** Agter op Gabby se rug staan **KAFEE**.
Gabby vra vir Anton: "Kan jy seëls by my koop ?"
Anton antwoord: "Nee".
- Gabby vra vir Tommy: "Kan jy klere by my koop ?"
Tommy antwoord: "Nee".
- (f) Sodra 'n leerder weet watter winkel hy of sy voorstel, gaan hy/sy sit.
- (g) Kyk wie kan die beste vrae stel.
- (h) Die groepe ruil om en doen dieselfde aktiwiteit.

3.4.6 Assessering

3.4.7 LEERUITKOMS 2: PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

3.4.7.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

2.4 die addisionele taal op 'n kreatiewe wyse gebruik:

- speel 'n speletjie wat taal betrek.

3.4.8 LEERUITKOMS 3: LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

3.4.8.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

3.3 vir inligting lees:

3.3.4 diagramme, grafieke en tabelle lees (soos 'n stamboom).

3.4.9 LEERUITKOMS 4: SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doelein-des te skryf.

3.4.9.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

4.5 ontwikkelende kennis gebruik van taalstruktuur en – gebruik:

4.5.3 begin om 'n groter verskeidenheid leestekens te gebruik.

3.4.10 LEERUITKOMS 5: DINK EN REDENEER

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

3.4.10.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

5.2 taal gebruik om te dink:

5.2.3 dinge klassifiseer (soos verskillende soorte voertuie) volgens bepaalde kriteria (soos die funksie en kapasiteit daarvan).

3.4.11 LEERUITKOMS 6: TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

3.4.11.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

6.1 bekende woorde korrek spel:

6.1.2 alledaagse woorde met enkel- en dubbelvokale en -konsonante (soos: boom/bome, blom/blomme);

6.2 verskillende eenvoudige taalvorme en sinstrukture gebruik om mondelings en skriftelik te kommunikeer:

6.2.14 hoofletters en leestekens (punt, komma, vraagteken, uitroopteken).

3.4.12 Memorandum

Aktiwiteit 1

blomme

bly

blikkie

brug

drink, bruus

skooldrag, klere

dwaal

soldaat, fluit

troetel, fraai

gloei

groet

kleingeld, kruideniersware

potloodkryt

kwaai, stout

kry, plaas

eetplekke

pryse

pretpark

skool, skoene, skeur

sluit

smeek

smouse, vrugte, groente

snoepie

spaar, spyt, spandeer

staar, uitgestal

dra, swaar

woltrui, brei

twee, prys, getwis

vleis, slaghuise

vroeg

3.4.12.1 Aktiwiteit 2

vleis slaghuis

medisyne apteek

seëls poskantoor

kruideniersware supermarket

skryfbehoeftes boekwinkel

goudvissies troeteldierwinkel

roomys kafee

broodrolletjies bakery

Aktiwiteit 3

- (i) Ek koop skoene by die skoenwinkel.
- (ii) Ek koop meubels by die meubelwinkel.
- (iii) Ek koop groente as ek na die groentemark toe gaan.
- (iv) Ek pos briewe by die poskantoor.
- (v) Ek gaan na die apieek toe as ek medisyne moet koop.

3.5 Die speelgoedwinkel⁵

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

Graad 4

DORP TOE

Module 25

DIE SPEELGOEDWINKEL

Aktiwiteit 1

Om eenvoudige sinne in die verlede tyd te maak [LU 6.2.2]

3.5.1 WAT HET EK GEKOOP EN WAAR?

('n Mondelinge aktiwiteit met die verlede tydvorm)

- Speel die volgende speletjie in 'n groepie van vier.
- Neem beurte om te "speel".
- Hou jou oë toe en druk jou vinger op 'n prentjie in die inkopiesak.
- Maak jou oë oop en beantwoord die vrae:

Wat **het** jy **gekoop** en waar **het** jy dit **gekoop**?

Voorbeeld: Ek **het** 'n sandaal by die skoenwinkel **gekoop**.

Luister versigtig na die ander in jou groep.




Figure 3.6

Aktiwiteit 2

Om jou eie winkelsak te versier [LU 4.4.1]

'n INKOPIESAK

(Kreatiwiteit)

⁵This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26191/1.1/>>.

Baie winkels het hul eie inkopiesakke met die winkel se naam baie duidelik daarop aangebring. Dié sakke is gewoonlik kleurvol versier. Versier nou hierdie sak vir jou eie winkel - dink 'n naam uit vir jou winkel en dui dit op die sak aan. Jy kan selfs deur middel van sketse aandui wat jou winkel te koop aanbied.




Figure 3.7

Gee jou versierde sak vir twee maats om jou prent te assesseer. Hulle kan net die gepaste woorde in 'n kleur van hul keuse onderstreep.

Wie assesseer? 1 (kleurkode [U+F02A])

2 (kleurkode [U+F02A])

Die inkopiesak is [netjies, duidelik, pragtig, mooi, goed, onnet, deurmekaar, glad nie, beskrywend] versier.

Aktiwiteit 3

Om 'n gedig te lees en die rym te geniet [LU 3.2.1]

3.5.2 SPEELGOEDWINKEL

('n Gedig met taalaktiwiteite)

Lees die gediggie in jul groepe. Elke leerder kan een versie lees.

SPEELGOEDWINKEL

Stap ek verby die speelgoedwinkel,
moet ek eers stilstaan;
want deur die volgepakte winkelvenster,

kyk die speelgoed vir my aan.

Dit blyk of al die speelgoed
stadig in beweging kom.

Hul wink en roep my nader.

Ek loer en staan verstom!

Dieloodsoldaatjie is die eerste om te beweeg.

Hy marsjeer verby die ander so mooi.

Die speelgoed kyk hom agterna
in sy uniform van rooi.

Skielik begin die bootjie te beweeg
en vaar so stilletjies verby.

Die klein ou karretjie warm sy enjin op
en begin orals rond te ry.

Haantjie skrik hom byna flou
 en gee 'n harde kraai.
 Die gestreepte vlaggie in die hoek geplant,
 word wakker en begin te waaai.
 Die groot albasters in 'n doos gebêre,
 besluit om uit te rol.
 Heel voor in die winkelvenster
 draai 'n nuutgeverfde tol.
 Binne 'n oogwink is alles verby
 en staan die speelgoed weer op hul plek.
 Vertel ek dit vir iemand anders,
 dink hulle ek is gek.
 Aktiwiteit 4
 Om vrae van 'n moeiliker aard te beantwoord [LU 5.2.1]
 Bespreek die vrae in julle groepe en skryf die antwoorde in volsinne.

- Hoekom moes die kind stilstaan by die winkelvenster?
-
.....

- Die kind staan "verstom".

Wat beteken dit?

.....
.....

- Hoekom kon die kind nie praat nie?
-
.....

- Noem die speelgoed wat deur die venster gesien kon word.
-
.....

- Waarom sal die ander mense dink dat die kind gek is?
-
.....

Aktiwiteit 5

Om vanselfstandige naamwoorde en adjektiewe te leer [LU 6.2.7]

Al die artikels wat die seuntjie wil koop, kan hy sien. Woorde wat name gee aan artikels of dinge wat sigbaar is, noem ons **NAAMWOORDE**.

Onderstreep al die naamwoorde van die artikels wat hy sien met groen kleurkryt.

Sommige van hierdie artikels word baie goed beskrywe om vir ons meer van die artikels te vertel, byvoorbeeld **groot** albasters.

Nou weet ons dat die albasters groot is.

"Groot" is 'n **BESKRYWENDE WOORD**

(a) Verbind die naamwoord met 'n lyntjie aan die regte beskrywende woord soos wat die seuntjie dit ervaar.

	NAAMWOORD	BESKRYWENDE WOORD	
	vlaggie	groot	
	tol	gestreepte	
	loodsoldaatjie	vol	
	albasters	klein	
	motorkarretjie	mooi	
		nuutgeverfde	

Table 3.10

(b) Voltooи die volgende sinne deur 'n beskrywende woord in te vul om meer kleur aan die sinne te gee. Maak gebruik van die woorde tussen hakies, maar moenie 'n woord meer as een keer gebruik nie. Lees jou sinne vir 'n maat.

[plat, ronde, kleurvolle, geveerde, wapperende, gelukkige, vinnige, regop]

- Die boot met sy vlaggie gly oor die water.
- Die loodsoldaatjie staan langs diehaantjie.
- Die motorkarretjie ry woes om die draai.
- Dieseuntjie het vyf albasters gewen.

Assessering

3.5.2.1 LEERUITKOMS 3: LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

3.5.2.1.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

3.2 op 'n eenvoudige manier begrip toon van sommige elemente van poësie:

- woorde wat rym (soos: kring, ring).

3.5.2.2 LEERUITKOMS 4: SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doelein-des te skryf.

3.5.2.2.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

4.4 mediatekste ontwerp:

4.4.1 'n eenvoudige plakkaat of kennisgewing ontwerp.

3.5.2.3 LEERUITKOMS 5: DINK EN REDENEER

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

3.5.2.3.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

5.2 taal gebruik om te dink:

5.2.1 begin om meer komplekse vrae te stel en beantwoord (soos: Hoekom ...? Wat dink jy ...?).

LEERUITKOMS 6: TAALSTRUKTUUR EN -GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

3.5.2.3.2 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

6.2 verskillende eenvoudige taalvorme en sinstrukture gebruik om mondelings en skriftelik te kommunikeer:

6.2.2 enkelvoudige sinne met 'n onderwerp, gesegde en voorwerp (soos: Die kind lees die boek);

6.2.7 eenvoudige verbuiging van adjektiewe, alledaagse trappe van vergelyking en intensiewe vorme.

Memorandum

Aktiwiteit 4

(i) Die kind moes by die winkelvenster stilstaan, want die speelgoed kyk vir hom aan deur die volgepakte winkelvenster.

(ii) Die kind is sprakeloos.

(iii) Die kind kon nie praat nie, want dit het gelyk asof al die speelgoed stadig in beweging kom en hom nader roep.

(iv) In die venster kon 'n loodsoldaatjie, bootjie, klein karretjie, haantjie, vlaggie, 'n doos met groot albasters, nuutgeverfde tol, gesien word.

(v) Die ander mense sal dink die kind is gek as hy/sy hulle vertel dat al die speelgoed in die winkelvenster stadig in beweging gekom het.

(c) loodsoldaatjie, bootjie, karretjie, vlaggie, albasters, tol, haantjie

Aktiwiteit 5(a)

- vlaggie gestreepte
- tol nuutgeverfde
- loodsoldaatjie mooi
- albasters groot
- motorkarretjie klein

Aktiwiteit 5(b)

- plat, wapperende
- kleurvolle, geveerde
- vinnige
- gelukkige, ronde

3.6 Die bloemiste⁶

3.6.1 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

3.6.2 Graad 4

3.6.3 DORP TOE

3.6.4 Module 26

3.6.5 DIE BLOEMISTE

3.6.5.1 Akiwiteit 1

3.6.5.2 Om van verkleinwoorde te leer [LU 6.2.6]

In die module 25 praat die seuntjie van 'n haantjie.

'n groot haan; maar 'n klein haan **tjie**.

Ons voeg gewoonlik -tjie by om verkleinwoorde te vorm.

Pas die volgende reëls toe om verkleinwoorde te vorm :

- Indien 'n woord op 'n **-d** of 'n **-t** eindig, voeg **ons -jie** by.

loodsoldaat
boot
brood

- Indien 'n woord 'n **kort klinker** het, **verdubbel** ons die **medeklinker** en voeg **ons-ie** by.

vlag
pop
rok

- Indien 'n woord 'n **lang klinker** het, **val een** van die klinkers **weg** en voeg **ons -ie** by.

doos
stoof
graaf

- Nog kort klinkers, maar nou voeg ons -etjie by nadat die medeklinker verdubbel het.

motorkar
tol
teestel

Leer hierdie reëls in verband met verkleinwoorde en leer die spelling van die woorde.

3.6.5.3 Aktiwiteit 2

3.6.5.4 Om eenvoudige vrae te vra en kennis te maak met die vraende voornaamwoord [LU 2.1.1, 6.2.8]

BY DIE BLOEMISTE

(Mondelinge vraagstelling)

Pappa het vanoggend 'n bos geel blomme vir Mamma bydie bloemiste gekoop.

Werk in pare en neem beurte om vrae aan jou maat oor die sin te vra.

⁶This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26419/1.1/>>.

Begin elke keer met een van die volgende woorde :

Wie . . . ?

Vir wie . . . ?

Wat . . . ?

Waar . . . ?

Wanneer . . . ?

Maak nou julle eie sin soos hieronder aangedui en gee dit vir 'n maat om vrae daaroor op te stel.

Vul net die woorde in:

..... het 'n
..... vir by die
.....

3.6.5.5 Aktiwiteit 3

3.6.5.6 Om kennis te maak met die hulpwerkwoord [LU 6.2.12]

VERKEERD GEKOOP

('n Mondelinge aktiwiteit met die gebruik van kan, wil, sal en mag)

Dit gebeur so baie dat jy iets koop wat jy nooit gebruik nie.

Byvoorbeeld:

Ek het 'n nuwe boek gekoop, maar ek kan dit nie lees nie.

Ek het lekkers gekoop, maar ek mag dit nie eet nie.

Ek het 'n nuwe skér gekoop, maar dit wil nie knip nie.

Ek het 'n present gekoop, maar ek sal dit nie oopmaak nie.

Kyk na die betekenisse van die volgende woorde.

kan	-	can	kan nie	-	cannot
mag	-	may	mag nie	-	may not
wil	-	want to	wil nie	-	don't want to
sal	-	will	sal nie	-	will not

Table 3.11

Dieselfde het met die volgende artikels gebeur. Werk in pare en neem beurte om die sinne mondelings te voltooi.

1. Ek het 'n	rok	gekoop, maar ...	(dra)
2.	paar skoene		(aankry)
3.	seël		(plak)
4.	koek		(eet)
5.	potlood		(skryf)
6.	bottel medisyne		(drink)
7.	bal		(bons)
8.	potplant		(groei)
9.	voëltjie		(sing)
10.	radio		(speel)

Table 3.12

3.6.6 Assessering

3.6.7 LEERUITKOMS 2: PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

3.6.7.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 2.1 interaksie in sy/haar addisionele taal voer;
- 211 eenvoudige vrae vra (soos vrae om duidelikheid te verkry).

3.6.8 LEERUITKOMS 6: TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

3.6.8.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

6.2 verskillende eenvoudige taalvorme en sinstrukture gebruik om mondelings en skriftelik te kommunikeer:

6.2.6 die enklevoud- en meervoudsvorm, verkleiningsvorm en geslagsvorme van alledaagse woorde (soos: rok/rokke; appel/appels; boekie; skoentjie; man/vrou; seun/meisie);

6.2.8 persoonlike, besitlike en vraende voornaamwoorde;

6.2.12 hulpwerkwoorde om moontlikheid, waarskynlikheid en noodwendigheid uit te druk (soos: Ek wil/kan/sal dit doen).

3.6.9 Memorandum

3.6.9.1 Aktiwiteit 1

Indien 'n woord op 'n *-d* of 'n *-t* eindig, voeg ons *-jie* by.

loodsoldaatjie

bootjie

broodjie

Indien 'n woord 'n kort klinker het, verdubbel ons die medeklinker en voeg ons *-ie* by.

vlaggie

poppie

rokkie

Indien 'n woord 'n lang klinker het, val een van die klinkers weg en voeg ons

-ie by.

dosie

stofie

grafie

Nog kort klinkers, maar nou voeg ons *-etjie* by nadat die medeklinker verdubbel het.

motorkarretjie

tolletjie

teestelletjie

3.7 Die skoenwinkel⁷

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

Graad 4

DORP TOE

Module 27

DIE SKOENWINKEL

Aktiwiteit 1

Om 'n gedig te lees en die rym te geniet [LU 3.2.1]

3.7.1 SKOENE KOOP

('n Gedig met 'n mondelinge, skriftelike en tekenaktiwiteit)

(a) Lees die gedig in groepies van twee. Neem beurte om 'n versie te lees.

SKOENE KOOP

Klein Dolfie kry so swaar om te loop

dat sy mamma vir hom nuwe skoene gaan

In die winkel vertel sy wat daar skort :

"Sy voet is te lank en sy skoene te kort!"

Die tannie pak af en sy mamma pas aan-
dan moet hy sit en dan moet hy

Die skoene word 'n lang, lange ry, **SKOENE WAT EK GRAAG**

maar nommerpas kan hy glad nie kry : **WIL HÊ**

Die vales - nee, dit is nie goed ;

die bruines pas ook nie sy voet.

Die swartes - ja : "Bind styf die strik !"

"Met hulle is ek in my skik !"

Kyk tog net hoe blink die goed -

die splinternuwe voetegoed !

Kwi-aat ! Kwi-aat ! klink dit op straat -

dis nuwe goed wat só kan praat !

Die maats begeer : As ons tog Dolfie was

met skoene wat so netjies !

Die aand, verseg of hy wil lê -

hy wil opsluit sy skoene by hom

Met nuwe skoen in elke

reis hy toe weg na dromeland.

UIT: Handleiding vir Omgewingsleer Anna du Raan (Nasou)

(b) **Bespreek die vrae in julle groepe en skryf die antwoorde neer.**

(i) Hoekom moes Dolfie nuwe skoene kry?
.....

(ii) Watter skoene het hy toe geneem?
.....

(iii) Gee 'n woord wat sê dat die skoene die regte grootte is.
.....

(iv) Hoekom sê die digter (skrywer) van die gedig dat die skoene "praat"?
.....

(v) Wat het hy die aand met sy nuwe skoene gemaak?
.....

(vi) Kyk mooi na die laastewoord in elke reël en sê dit hardop. Wat let julle op?

⁷This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26196/1.1/>>.

(a) As woorde aan die einde van ‘n reël dieselfde klink, sê ons dit **rym**,

bv. ry en kry

skort en kort

goed en voet

Probeer om die volgende met jou eie **rymwoorde** aan te vul.

hand en

mond en

voet en

kop en

been en

Vul nou die gedig aan met die rymwoorde wat die beste sal inpas.

(b) Teken die paar skoene wat jy die graagste wil hê in die spasie langs die gedig.

Aktiwiteit 2

Om kort paragrawe te skryf [LU 4.5.1]

3.7.2 SKOENE KOOP

(‘n Skriftelike aktiwiteit)

Mamma koop vir Boetie skoene by die skoenwinkel. Die winkelassistent help hulle baie mooi om net die regte paar te kry. Kyk mooi na die prentjies en skryf die sinne wat in elke praatwolkie moet kom, op die lyne onder die prente neer.



Figure 3.8

1.

2.



Figure 3.9

3.

4.



Figure 3.10

5.
 6.
- Assessering

3.7.2.1 LEERUITKOMS 3: LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

3.7.2.1.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

3.2 toon, op 'n eenvoudige manier, begrip van sommige elemente van poësie:

- woorde wat rym (soos: kring, ring).

3.7.2.2 LEERUITKOMS 4: SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitlike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doelein-des te skryf.

3.7.2.2.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

4.5 ontwikkelende kennis gebruik van taalstruktuur en – gebruik:

4.5.1 paragrawe skryf met behulp van 'n raam of struktuur as ondersteuning.

Memorandum

Aktiwiteit 1(b)

(i) Dolf moes nuwe skoene kry, omdat hy swaar kry om te loop. Sy voete was lank en die skoene was te kort.

(ii) Hy het die swart skoene geneem.

(iii) nommerpas

(iv) Die digter sê dat die skoene "praat" omdat hulle geluide maak (Kwi-aat! Kwi-aat!)

(v) Hy het daardie aand die skoene saam met hom bed toe geneem.

(vi) Die laaste woorde in elke reël rym met mekaar.

Aktiwiteit 1(c)

- hand en tand, sand, land
- mond en rond, bont, hond
- voet en hoed, goed

- kop en pop, hop, sop
- been en skeen, reën

Aktiwiteit 2

- (1) Goeie middag, kan ek vir u help?
- (2) Asseblief, ons wil graag 'n paar skoene koop.
- (3) Watter nommer skoene dra die seun?
- (4) Ek dink 'n nommer een behoort te pas.
- (5) Hierdie skoene voel te klein.
- (6) Kom ons probeer 'n groter nommer.
- (7) Dit sal honderd en vyftig rand wees.
- (8) Baie dankie vir u vriendelike diens.

3.8 Die restaurant⁸

3.8.1 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

3.8.2 Graad 4

3.8.3 DORP TOE

3.8.4 Module 28

3.8.5 DIE RESTAURANT

3.8.5.1 Aktiwiteit 1

3.8.5.2 Om in gepaste taal deel te neem aan rolspel [LU 2.2.1, 2.7.2]

BY DIE RESTAURANT

('n Leesstuk en rolspel)

- (a) Lees die toneeltjie wat by die restaurant afspeel in groepe van vyf.
- (b) Rolspel dit vir die klas.

KELNERIN : Goeiemôre en welkom by ons restaurant. Ek is Rina, julle kelnerin. Vir hoeveel mense wil julle 'n tafel hê ?

MAMMA : Goeiemôre. 'n Tafel vir vier mense asseblief.

KELNERIN : Kom saam met my.

MAMMA : Baie dankie.

KELNERIN : Sit gerus. Ek sal die spyskaart nou-nou bring.

MAMMA : Baie dankie.

JANE : Ek wil langs Mamma sit.

DONNY : Ek wil by die venster sit.

FRANK : Nee, ek wil daar sit.

MAMMA : Kom nou kinders, bly stil. Donny, sit jy by die venster en dan kan Frank hier sit. Jane, jy moet langs Mamma sit.

KELNERIN : Hier is die spyskaart. Kyk dit gerus deur en besluit wat u wil bestel. Ek sal u bestelling later kom neem.

MAMMA : Baie dankie. Mag ons asseblief 'n glas koue water kry ?

KELNERIN : Met plesier. Ek bring dit dadelik.

MAMMA : Wat wil julle kinders te ete hê ? Hier op die spyskaart is die heerlikste hamburgers en aartappelskyfies.

JANE : Ek wil net 'n pienk melkskommel hê.

⁸This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26423/1.1/>>.

MAMMA : Jy moet ook iets eet. Wat van 'n roosterbroodjie ?
 JANE : Ja asseblief, maar met eier daarop.
 DONNY : Mamma, mag ek asseblief 'n hamburger en 'n roomys bestel?
 MAMMA : Ja, en wat van jou Frank ?
 FRANK : Ek wil dieselfde as Donny hê, maar mag ek ook 'n koeldrank bestel ?
 MAMMA : Of 'n roomys of 'n koeldrank, maar nie beide nie.
 FRANK : Dan net 'n rooi koeldrank.
 KELNERIN : Is u gereed om te bestel ?
 MAMMA : Ja. Ons wil drie hamburgers, 'n snytjie roosterbrood met eier op, 'n pienk melkskommel, 'n rooi koeldrank, een roomys en 'n koppie tee bestel.
 KELNERIN : Goed so. Ek sal u bestelling plaas en dan sal ek die tafel kom dek.
 DONNY : Ek hoop hulle maak gou, want ek is baie honger.
 MAMMA : Jy sal maar geduldig moet wag, want hulle moet nog die kos voorberei.
 FRANK : Kyk, hier kom die kelnerin om ons tafel te dek.
 KELNERIN : Verskoon my. Ek wil net die plekmatjies, servette, messe en vurke op hul plekke kom neersit. Ek sal nou die eet- en drinkgoed bring.
 DONNY : Jippie ! Ek raak so honger as ek die lekker kos ruik.
 JANE : Hier kom ons kos. Ek wil my pienk melkskommel hê.
 MAMMA : Jane, jy moet wag. Die kelnerin weet wat elkeen moet kry. Sy sal dit vir jou gee.
 KELNERIN : Hier is u bestelling, Mevrou. Geniet die maal.
 MAMMA : Baie dankie. Ons sal.
 DONNY : Mmm, maar die hamburger smaak heellik.
 MAMMA : Jane, jy moet jou roosterbrood eet en nie net die melkskommel drink nie.
 DONNY : As sy dit nie wil hê nie, sal ek dit eet.
 JANE : Nee, dit is myne !
 FRANK : Ek is so bly dat ek koeldrank bestel het, want ek is baie dors.
 DONNY : Gee vir my 'n slukkie asseblief ?
 FRANK : Dan wil ek 'n happie van jou roomys hê.
 MAMMA : Net nie mors nie. Gebruik julle servette om jul monde af te vee.
 KELNERIN : Is alles in orde ?
 MAMMA : Ja, dankie.
 KELNERIN : Wil u nog iets bestel ?
 MAMMA : Nee, dankie. Jy kan maar die rekening bring.
 JANE : Is 'n rekening ook iets om te eet ?
 DONNY : Nee, man. Dit is die papiertjie wat sê wat ons alles geëet het en hoeveel dit kos.
 FRANK : Dankie Mamma, dit was nou baie lekker.
 DONNY en
 JANE : Baie dankie, Mamma !
 KELNERIN : Hier is die rekening. U kan voor by die kassiere betaal. Totsiens.
 MAMMA : Baie dankie vir die vriendelike diens. Tot siens.
 KELNERIN : Kom gerus weer.
 KINDERS : Ons sal ! Tot siens !

3.8.5.3 Aktiwiteit 2

3.8.5.4 Om 'n spyskaart vir inligting op te stel [LU 4.1.2]

(a) 'n SPYNSKAART (Skriftelike werk en kreatiwiteit)

Bring eers voorbeeld van spyskaarte skool toe en bespreek dit in julle groepe.

Werk in groepe om 'n spyskaart vir 'n spesiale ete saam te stel. Julle kan die kossoorte en drinkgoed groepeer volgens voorgereg, hoofmaal en nagereg. Gebruik die spasie onderaan om jou beplanning neer te skryf. Gebruik die kontroleleys om seker te maak dat julle beplanning glad verloop.

Jou opvoeder sal vir jou 'n skoon vel papier gee waarmee jy jou eie spyskaart kan maak. Wees kreatief en versier jou spyskaart.

KONTROLELYS SAMESTELLING SPYNSKAART.	VIR DIE 'N	Ek het onthou
		Ja Nee
verskeidenheid voedselsoorte en drinkgoed		
volgens voorbereig, hoofmaal en nagereg gegroepeer		
duidelik geskryf		
korrek gespel		
netjies uiteengesit		
mooi versier		

Table 3.13

Wys hierdie spyskaart vir jou ouers of die persoon wat jou huiswerk kontroleer. Laat die persoon jou spyskaart soos volg assesseer.

ASSESSERING: SKRIFTELIKE EN KREATIEWE WERK ('n spyskaart)

Wie assesseer?

Jou spyskaart:

- laat my mond water.
 - is baie netjies gedoen.
 - bied nie 'n verskeidenheid aan nie.
 - is nie baie duidelik geskryf nie.

- het 'n te groot keuse; ek kan nie kies nie.
- is baie goed gegroepeer.
- is te deurmekaar om te verstaan.

(Merk af soveel as nodig.)

3.8.6 Assessering

3.8.7 LEERUITKOMS 2: PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

3.8.7.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 2.2 op kultureel gepaste maniere optree:
- 2.2.1 bekende situasies rolspel (soos gee aanwysings);
- 2.7 gepaste taal vir verskillende doeleindes en teikengroepe gebruik;
- 2.7.2 gepaste taal gebruik wanneer hoflikheidsvorme gebruik word (verskonings, versoekes, bedankings, ondersteuning).

3.8.8 LEERUITKOMS 4: SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

3.8.8.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 4.1 skryf om inligting oor te dra:
- 4.1.2 lyste met opskrifte maak.

3.9 Die klerewinkel⁹

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

Graad 4

DORP TOE

Module 29

DIE KLEREWINDEL

Aktiwiteit 1

Om 'n taalspeletjie te speel [LU 2.4.4]

3.9.1 AS EK DORP TOE GAAN

('n Mondelinge speletjie)

Die leerders staan in 'n sirkel. Een leerder hou 'n bal in sy/haar hande vas en begin met die sin : "As ek dorp toe gaan ..." Hy/sy las 'n deel by die sin en boms die bal na 'n maat wat die bal vang. Hierdie leerder moet dan weer met : "As ek" begin en die sin voltooi. Die bal word weer na 'n volgende maat geboms om nog 'n sin by te voeg, soos in die voorbeeld.

Voorbeeld

⁹This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26197/1.1/>>.

Eerste leerder : As ek dorp toe gaan, gaan ek bakkery toe.
 Tweede leerder : As ek bakkery toe gaan, gaan ek 'n brood koop.
 Derde leerder : As ek 'n brood koop, gaan ek dit rooster.
 Vierde leerder : As ek dit rooster, gaan ek dit eet.
 Indien 'n leerder vashaak, moet hy die bal na 'n maat bons en dan uit die sirkel tree.
 Kyk watter leerder in die spel oorbly!




Figure 3.11

HOE HET EK DIE SPELETJIE GEVIND?

Onderstreep een of meer beskrywing.

Die speletjie was (maklik, moeilik, genotvol, vervelig, interessant, leersaam, prettig, oninteressant).

Aktiwiteit 2

Om byskrifte in die meervoud te skryf [LU 4.1.1, 6.2.6]

DIE TWEELING KOOP KLERE

('n Skriftelike aktiwiteit)

Mamma neem die tweeling klerewinkel toe. Hulle trek altyd eenders aan en daarom moet Mamma twee of meer van elke kledingstuk koop.

Kyk na die prentjies om te sien wat Mamma alles moet koop. Skryf die ontbrekende woorde langs die getalle neer. Maak gebruik van die woorde tussen hakies onderaan die bladsy.

ONTHOU: As 'n woord 'n kort klinker het, verdubbel die medeklinker.

As 'n woord 'n lang klinker het, val een van die klinkers weg.



Figure 3.12

twee



Figure 3.13

twee



Figure 3.14

vier



Figure 3.15

twee



Figure 3.16

vier



Figure 3.17

twee

(knoop, rok, sweetpak, pet, trui, sandaal)
ASSESSERING VAN MEERVOUDE

- Ek ken die spelreëls vir meervoude.
- Ek het die spelreëls toegepas.
- Ek het netjies en korrek geskryf.
- Ek het nog hulp nodig.
- Ek moet die spelreëls weer by die huis gaan leer.
- Ek moet die toepassing van die spelreëls nog inoefen.
- Ek moet onthou om my woorde te kontroleer.

Aktiwiteit 3

Om voegwoorde in sinne te gebruik [LU 6.2.13]

3.9.2 BY DIE KLEREWINKEL

(’n Skriftelike aktiwiteit)

- Kom ons skryf langer sinne.
- Hier volg pare sinne wat saamgevoeg kan word om een lang sin te maak.
- Maak gebruik van die woord tussen hakies om die sinne saam te voeg. Probeer dit eers mondelings in julle groepies.

Byvoorbeeld: Ek wil ’n nuwe rok koop. My ou rokke is almal uit die mode.

(want)

Ek wil ’n nuwe rok koop, want my ou rokke is almal uit die mode.

Ek moet nuwe skoene kry. My ou skoene druk my tone. (omdat)

Ek moet nuwe skoene kry, mdat die ou skoene my tone druk.

ONTHOU OM ‘N KOMMA VOOR “WANT” EN “MAAR” TE SIT.

As omdat gebruik word, verander die volgorde van die tweede sin.

Die winkel het die prys van hul klere verminder. Hulle kon dit nie verkoop nie. (omdat)

Elke seisoen is daar nuwe klere. Die modes verander. (want)

My ma neem vir my om klere te koop. Ek mag nie te veel geld spandeer nie. (maar)

Pappa het vir hom ’n nuwe baadjie gekoop. Hy het vir hom ’n paar nuwe skoene gekoop. (en)

Probeer om hierdie sinne op jul eie saam te voeg.

(i) Mamma het vir my ’n trui gekoop. Ek wil dit nie dra nie. (maar)

.....
(ii) Pappa het vir homself ’n das gekoop. Hy het vir Boetie ’n langbroek gekoop. (en)

.....
(i) Ek het ’n nuwe hemp gekoop. My ou hemp is te klein. (want)

.....
(iv) Ek moet ’n pet koop. Die son skyn in my oë. (omdat)

.....
Opvoeder assesseer: (punt)
Assessering

3.9.2.1 LEERUITKOMS 2: PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne ’n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

3.9.2.1.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

2.4 die addisionele taal op ’n kreatiewe wyse gebruik:

- speel ’n speletjie wat taal betrek.

3.9.2.2 LEERUITKOMS 4: SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doelein-des te skryf.

3.9.2.2.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 4.1 skryf om inligting oor te dra:
- 4.1.1 byskrifte by eenvoudige kaarte teken en skryf.

3.9.2.3 LEERUITKOMS 6: TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

3.9.2.3.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

6.2 verskillende eenvoudige taalvorme en sinstrukture gebruik om mondelings en skriftelik te kommunikeer:

6.2.6 die enklevoud- en meervoudsvorm, verkleiningsvorm en geslagsvorme van alledaagse woorde (soos: rok/rokke; appel/appels; boekie; skoentjie; man/vrou; seun/meisie);

6.2.13 voegwoorde: en, maar, want.

Memorandum

Aktiwiteit 2

- rokke
- truie
- knope
- pette
- sandale
- sweetpakke

Aktiwiteit 3

- (i) Mamma het vir my 'n trui gekoop, maar ek wil dit nie dra nie.
- (ii) Pappa het vir homself 'n das gekoop en hy het vir Boetie 'n langbroek gekoop.
- (iii) Ek het 'n nuwe hemp gekoop, want my ou hemp is te klein.
- (iv) Ek moet 'n pet koop, omdat die son in my oë skyn.

3.10 Op die mark¹⁰

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

Graad 4

DORP TOE

Module 30

OP DIE MARK

Aktiwiteit 1

Om op gepaste vlak te lees en vrae daaroor te beantwoord [LU 3.5.1]

¹⁰This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26198/1.1/>>.

3.10.1 MARKDAG

('n Stilleesaktiwiteit)

Lees die gedig op jou eie en beantwoord die vrae deur die regte antwoord te omkring.

MARKDAG



Figure 3.18

Dis Saterdagmôre
en 'n hele affère -
kraakvars kopkool,
piesangs, papajas,
tamaties en slaai
word kiste-vol
by die mark
afgelaai.
Daar's ook druwe
uit die Boland,
waatlemoen,
spanspekte uit Transvaal:
alles kry jy goedkoop
as jy kontant
by die
stalletjies betaal.
Met alkant gestoot
en beduie, beduie
en baie gepraat
oor die prys
word een ding gekoop
en 'n ander gelaat.
Maar so deur die gedoente
word die kopers se mandjies
propvol vrugte en groente.
Ja, Saterdagmôre
is 'n hele affère
as die kopers hul geld
so kom omruil-bêre.
Deur: A. J. Visser Uit: *Hier Kiep-Kiep en Hiep-hiep daar* (Tafelberg)
VRAE

(a) Die vrugtesoort wat vanuit die Boland kom, is

- piesangs
- druwe

- waatlemoene
- (b) Die groente word by die mark afgelaai in
- kiste
 - mandjies
 - sakke
- (c) Die kopers laai die vrugte en groente in
- kiste
 - mandjies
 - sakke
 - trollies
- (d) Wat noem ons die plek waar net groente en vrugte gekoop word ?
- winkel
 - kafee
 - mark
- (e) As jy kontant vir die produkte betaal, kry jy
- meer
 - beter diens
 - dit goedkoper
- (f) Die verkopers verkoop hul produkte by 'n
- stalletjie
 - kis
 - tafel
- (g) **Markdag is op 'n**
- Sondag
 - Saterdag
 - Maandag
- (h) Spanspek kom uit die
- Kaap
 - Transvaal
 - Boland
- (i) Daar word baie gepraat oor
- die mense
 - die vrugte
 - die prys
- (j) Die kopkool is
- neutvars
 - kraakvars
 - perdfris

3.10.1.1 LEERUITKOMS 3: LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

3.10.1.1.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

3.5 vir genot en inligting lees:

3.5.1 heelwat fiksie- en nie-fiksie-boeke op 'n gepaste lees- en taalvlak lees.

Memorandum

Aktiwiteit 1

(a) druwe

(b) kiste

(c) mandjies

(d) mark

(e) dit goedkoper

(f) stalletjie

(g) Saterdag

(h) Transvaal

(i) die prys

(j) kraakvars

3.11 Die mense in ons dorp¹¹

3.11.1 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

3.11.2 Graad 4

3.11.3 DORP TOE

3.11.4 Module 31

3.11.5 DIE MENSE IN ONS DORP

3.11.5.1 Aktiwiteit 1

3.11.5.2 Om deur mimiek voorstellings te doen [LU 2.4.3]

DIE MENSE IN ONS DORP

¹¹This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26424/1.1/>>.

**Figure 3.19**

(a) Raai-raai ... Wie is ek? (mimiek)

Werk in groepe van twee aan 'n voorstelling van iemand wat in julle dorp 'n belangrike werk verrig. Die groepe neem beurte om deur middel van mimiek voorstellings aan die res van die klas te maak, terwyl hulle raai watter werk voorgestel word.

Dink byvoorbeeld aan die haarkapper, dokter, slagter, bloemiste, bakker, bankklerk, ensovoorts.

3.11.5.3 Aktiwiteit 2

3.11.5.4 Om eenvoudige definisies te skryf [LU 5.2.9]

VIND UIT

(Navorsing en woordeskat vir verryking)

Kyk of julle die antwoorde op die volgende vrae kan kry. Bespreek dit in julle groepe en skryf dan die antwoorde neer.

(b) Wat noem ons die eerste burger van 'n dorp of 'n stad?

.....

(c) Wat noem ons die hoof van:

'n polisiekantoor?

'n skool?

'n poskantoor?

'n bank?

(d) Stel 'n lys saam van al die mense wat noodsaaklike dienste (werk) in jou dorp verrig.

.....

.....

.....

3.11.5.5 Aktiwiteit 3

3.11.5.6 Om deur rolspel mense te beskryf [LU 2.2.1, 2.3.3]

KOM ONS SING ('n Liedjie)

Sing die liedjie op " There's a tavern in the town " se wysie.

Daar's 'n bakker in ons dorp, in ons dorp.

Hy verkoop brood en koek, brood en koek.

By die bakkery op die hoek ;

Kom ons gaan hom gou besoek, gou besoek.

Daar's 'n slagter in ons dorp, in ons dorp.
 Hy verkoop vleis en wors, vleis en wors.
 By die slaghuis op die hoek ;
 Kom ons gaan hom gou besoek, gou besoek
 OF
 Daar's 'n winkel in ons dorp, in ons dorp.
 Waar hul klere verkoop, verkoop.
 Dis die klerewinkel op die hoek ;
 Kom ons gaan hom gou besoek, gou besoek.

- Vervang nou klere met blomme en klerewinkel met bloemiste.
- Maak aksies by terwyl julle die liedjies sing.

Probeer om jou eie woorde te gebruik.

3.11.5.7 Aktiwiteit 4

3.11.5.8 Om gepaste liggaamstaal en aanbiedingsvaardighede te toon [LU 2.6.1, 2.6.2, 2.6.3, 6.2.13]

EK DOEN INKOPIES

(Mondeling)

By watter winkel doen jy graag inkopies?

Vertel aan jou klasmaats hoe jy by dié winkel inkopies doen.

3.11.6 Assessering

3.11.7 LEERUITKOMS 2: PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

3.11.7.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 2.2 op kultureel gepaste maniere optree;
- 2.2.1 bekende situasies rolspel (soos gee aanwysings);
- 2.3 die addisionele taal gebruik om inligting oor te dra:

- mense, voorwerpe en eenvoudige prosesse beskryf;

2.4 die addisionele taal op 'n kreatiewe wyse gebruik:

- 2.4.3 'n bekende rympie, gedig of liedjie opvoer;
- 2.6 gepaste liggaamstaal en aanbiedingsvaardighede gebruik:
- 2.6.1 oogkontak maak en nie vroetel nie;
- 2.6.2 gepaste gebare en gesigsuitdrukkings gebruik;
- 2.6.3 hoorbaar praat, gepaste pauses gebruik en teen 'n redelike tempo praat.

3.11.8 LEERUITKOMS 5: DINK EN REDENEER

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

3.11.8.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

5.2 taal gebruik om te dink:

5.2.9 met ondersteuning eenvoudige definisies skryf en voorbeeld gegee (soos: pas ‘n begrip en sy definisie by ‘n voorbeeld).

3.11.9 LEERUITKOMS 6: TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

3.11.9.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

6.2 verskillende eenvoudige taalvorme en sinstrukture gebruik om mondelings en skriftelik te kommunikeer:

6.2.13 voegwoorde: en, maar, want.

3.11.10 Memorandum

3.11.10.1 Aktiwiteit 2

(a) Burgemeester

(b) Bevelvoerder

Skoolhoof of Prinsipaal

Posmeester

Bankbestuurder

(c) Mediese dokters

Polisie

Brandweermanne

Ambulansbestuurders

Verpleegsters

Posbodes

Poskantoorwerskers

Chapter 4

Kwartaal 4

4.1 'n Nuwe klasmaat¹

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

Graad 4

SKOOLPRET

Module 32

'N NUWE KLASMAAT

Aktiwiteit 1

Om leestekens te gebruik en woordeskat te bou [LU 4.5.3, 3.6.2]

ONTMOET VIR BENNIE ('n Leesstuk met begripsvrae)

Lees die onderstaande leesstuk in julle groepe en bespreek dan die vrae wat daarop volg:

Vandag kry ons 'n nuwe klasmaatjie. Bennie.... Bennie wie? Hoe het Juffrou nou weer gesê?

"Klas, vandag kry julle 'n nuwe klasmaatjie en sy naam is Bennie Bezuidenhout. Emile, hy moet langs jou sit. Sal jy hom asseblief help om by ons skool tuis te voel? Wys vir hom pouse waar die speelterrein en die kleedkamer is."

As Juffrou maar net weet hoe bly ek is om 'n nuwe maatjie te kry! Ek voel sommer baie trots dat Juffrou vir my uitgekies het om vir Bennie te help.

Gou maak ek plek vir Bennie om langs my in die dubbelbank te sit. Ons almal help om sy skryfboeke en handboeke gereed te kry; ons trek oor en Juffrou skryf sy naam op al sy boeke. Toe die skoolhoof vir Bennie na ons klas bring, is alles gereed.

Bennie is 'n lang seun, wat sterk gebou is. Hy kan seker goed rugby en krieket speel. Sy ouers het reeds vir hom sy skoolklere gekoop en hy lyk sommer soos een van ons.

Juffrou heet hom welkom en hy kom sit langs my. Hy pak sy skootas uit: 'n potloodsakkie, 'n liniaal, sy vorige skool se boeke en 'n woordeboek. Laaste haal hy sy kosbakkie en 'n koeldrankbottel uit.

Hy kyk vir my en glimlag vriendelik en ek hou sommer dadelik van hom. Ek besluit dat ek hierdie nuwe maat mooi sal help om gelukkig in ons skool te wees.

¹This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26199/1.1/>>.




Figure 4.1

Skryf nou die antwoorde van die vrae in volsinne neer. Onthou om 'n sin met 'n hoofletter te begin en om leestekens te gebruik.

(a) Waar gaan Bennie sit?

.....

(b) Wat doen die kinders in die klas om die juffrou te help om vir Bennie se komste gereed te maak?

.....

(c) Hoekom dink Emile dat Bennie goed in sport behoort te wees?

.....

(d) Waarmee moet Emile vir Bennie help?

.....

(e) Waarom lyk Bennie reeds soos een van hulle?

.....

Aktiwiteit 2

Om verskillende tydvorme reg te gebruik [LU 6.2.3]

4.1.1 AKSIEWOORDE

Bennie moes sy tas self **uitpak** en sy kosbakkie **uithaal**.

Die klasmaats moes Bennie se boeke **oortrek**.

Juffrou wil vir Emile **uitkies** en vra dat hy na Bennie moet omsien.

Al die vetgedrukte woorde dui 'n aksie aan en die woorde bestaan uit twee dele.

Hierdie aksiewoorde word **geskei** as dit in die teenwoordige tyd (vandag) gebruik word.

Bennie **pak** sy tas self **uit** en **haal** sy kosbakkie **uit**.

Die klasmaats **trek** Bennie se boeke **oor**.

Juffrou **kies** vir Emile **uit** en hy **sien** na Bennie **om**.

Hierdie aksiewoorde word weer saamgevoeg as hulle in die verlede tyd (gister) gebruik word.

Die woorddeel **ge-** word tussenin gevoeg en ons gebruik die woord **het** om verlede tyd aan te dui.

Bennie **het** sy tas self **uitgepak** en sy kosbakkie **uitgehaal**.

Die klasmaats **het** Bennie se boeke **oorgetrek**.

Juffrou **het** vir Emile **uitgekies** en hy **het** na Bennie **omgesien**.

(a) Werk in groepe en neem beurte om die volgende sinne mondelings te voltooi soos die voorbeeld aandui.

Juffrou sê dat ons die bladsy moet **omblaai**.

Vandag **blaai** ons die bladsy om.

Gister **het** ons die bladsy **omgeblaai**.
 Juffrou sê dat ons die papier moet **optel**.
 Vandag
 Gister
 Juffrou sê dat ons 'n gedig moet **voordra**.
 Vandag
 Gister
 Juffrou sê dat ons die werk korrek moet **afskryf**.
 Vandag
 Gister
 Juffrou sê dat ons ons boeke moet **wegpak**.
 Vandag
 Gister
 Juffrou sê dat ons ons werk moet **oorlees**.
 Vandag
 Gister
 (b) Skryf die volgende sinne oor deur die korrekte vorm van die aksiewoorde te gebruik.
 (i) Een van die leerders staan voor in die klas en (voorlees) uit 'n boek en die klasmaats (oplet) terwyl hy lees.

.....

.....

(ii) Gister het ek in die klas (instap) en die lig (afskakel).

.....

.....

Assessering

4.1.1.1 LEERUITKOMS 3: LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

4.1.1.1.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 3.6 naslaanwerke gebruik en woordeskataloge ontwikkel;
- 3.6.2 'n leeswoordeskataloge van ongeveer 1 000 tot 2 500 alledaagse woorde demonstreer.

4.1.1.2 LEERUITKOMS 4: SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doelein-des te skryf.

4.1.1.2.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 4.5 ontwikkelende kennis gebruik van taalstruktuur en – gebruik;
 - 4.5.3 begin om 'n groter verskeidenheid leestekens te gebruik.
- Memorandum
- Aktiwiteit 1
- (a) Bennie gaan langs Emile sit.
 - (b) Die kinders help om Bennie se skryfboeke en handboeke oor te trek.
 - (c) Emile dink dat Bennie goed in sport behoort te wees, omdat hy lank is en sterk gebou is.
 - (d) Emile moet vir Bennie help om gelukkig in die skool te wees.

(e) Bennie lyk soos een van hulle, omdat hy reeds sy skoolklere aan het.

Aktiwiteit 2

(a) Vandag tel ons die papier op.

- Gister het ons die papier opgetel.
- Vandag dra ons die gedig voor.
- Gister het ons die gedig voorgedra.
- Vandag skryf ons die werk korrek af.
- Gister het ons die werk korrek afgeskryf.
- Vandag pak ons ons boeke weg.
- Gister het ons ons boeke weggepak.
- Vandag lees ons ons werk oor.
- Gister het ons ons werk oorgelees.

(b) (i) Een van die leerders staan voor in die klas en lees voor

uit 'n boek en die klasmaats moet oplet terwyl hy lees.

(ii) Gister het ek in die klas ingestap en die lig afgeskakel.

4.2 Welkom by ons skool²

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

Graad 4

SKOOLPRET

Module 33

WELKOM BY ONS SKOOL

4.2.1 WAARHEEN NOU? ('n Mondelinge aktiwiteit)

Bennie is nuut by die skool. Hy weet nie waar die verskillende klasse is nie, want hy ken nie die skoolgebou nie.

Juffrou gee vir Bennie 'n plan (kaart) van die skool en vra vir sy klasmaats om vir hom te verduidelik hoe om by verskeie plekke in en om die skoolgebou te kom.

²This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26202/1.1/>>.




Figure 4.2

Aktiwiteit 1

Om 'n plek op 'n eenvoudige kaart te vind [LU 1.2.2]

Om eenvoudige instruksies te gee [LU 2.3.2]

Om woordeskate te bou [LU 6.3.4]

Werk in groep van vyf en neem beurte om die volgende instruksies te gee soos wat julle dit vir Bennie sou gee. Die res van die groep moet luister en hul maat se instruksies assesseer.

Hoe jou maat sal stap vanaf die Graad 4-klas na:

1. die kleedkamer
 2. die saal
 3. die biblioteek
 4. die speelgrond
 5. die kunsklas
 6. die rugbyveld
 7. die skoolhoof se kantoor
 8. die tegnologieklas
 9. die musiekklas
 10. die hoofingang

Aktiwiteit 2

Om 'n eenvoudige vriendskaplike brief te skryf [LU 4.2.1]

4.2.2 WELKOM! ('n Skriftelike aktiwiteit)

Emile wil vir Bennie baie tuis laat voel en skryf toe vir hom 'n kort briefie om hom welkom te heet. Hy vertel vir hom hoe bly hy is dat Bennie langs hom sit en dat hy hom sal help as hy hulp nodig het.

Skryf nou 'n briefie hieronder aan 'n nuwe klasmaat om die maat welkom te heet. Vertel ook vir die maat wat so lekker omtreent julle skool is en wat julle alles saam kan doen.

Die kontrolelys sal jou help met die uitleg van jou briefie.

.....

KONTOROLELYS VIR SKRYF VAN 'N INFORMELE BRIEFIE

Ek het onthou om:	JA	NEE
die datum regs bo-aan te skryf		
'n lyntjie oop te laat voordat ek my maat se naam geskryf het.		
die brief aan my maat te rig, deur "Beste " te skryf en weer 'n lyntjie oop te laat		
die boodskap in duidelike sinne te skryf en spelling in die woordeboek na te slaan		
'n kort afsluiting aan die einde van die briefie in die laaste paragraaf te skryf en 'n lyntjie oop te laat		
aan die linkerkant af te sluit deur "Vriendelike groete" en my naam net onder dit te skryf.		

Table 4.1

Assessering

4.2.2.1 LEERUITKOMS 1: LUISTER

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.

4.2.2.1.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

1.2 mondelinge instruksies, aanwysings en beskrywings verstaan:

1.2.2 luister na eenvoudige aanwysings en 'n roete volg of 'n plek op 'n eenvoudige kaart of plan vind.

4.2.2.2 LEERUITKOMS 2: PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- die addisionele taal gebruik om inligting oor te dra:

2.3.2 eenvoudige instruksies gee.

4.2.2.3 LEERUITKOMS 4: SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir ‘n wye verskeidenheid doelein-des te skryf.

4.2.2.3.1 Assesseringsstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- vir ‘n sosiale doel skryf:

4.2.1 ‘n eenvoudige nota of boodskap skryf.

4.2.2.4 LEERUITKOMS 6: TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

4.2.2.4.1 Assesseringsstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

6.3 sy/haar woordeskat ontwikkel:

6.3.4 ongeveer 2 000 tot 3 500 alledaagse gesproke woorde binne konteks verstaan teen die einde van graad

4. Indien leerders die addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na 3 500 woorde te mik.

4.3 Skoolwoorde³

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

Graad 4

SKOOLPRET

Module 34

SKOOLWOORDE

Aktiwiteit 1

Om korrek te spel en woordeskat te bou [LU 4.5.2, 6.3.4]

4.3.1 SKOOLWOORDE ('n Woordbou- en sinsbouaktiwiteit)

(a) Bennie het sy nuwe skoolklere aangehad. Die woord **skoolklere** sê vir ons meer as net die woord **klere**. Wat sê dit vir ons? Is daar 'n ander woord vir skoolklere? Bespreek dit in jul groepie.

³This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26203/1.1/>>.




Figure 4.3

(b) Maak nou gebruik van die woord SKOOL en vorm soveel moontlike woorde deur 'n woord agteraan te voeg, byvoorbeeld **SKOOLTAS**.

Doen dit eers op jou eie en vergelyk dan jou woorde met die woorde van 'n maat.




Figure 4.4

(c) Ons het nou twee woorde saamgevoeg om 'n nuwe woord te vorm. Kies 'n woord uit tas A en 'n woord uit tas B en voeg dit saam om een woord te vorm. Skryf die woorde onderaan neer.




Figure 4.5

(b) Vergelyk jou woorde met die res van die groep se woorde. Maak nou mondelings in jul groepe sinne met elkeen van die 10 saamgestelde woorde.

(c) Skryf vyf van die sinne hier neer en ondersteep die samestellings.

.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....

Aktiwiteit 2

Om 'n skoolrooster te lees en in te vul [LU 3.3.4, 5.3.2]

4.3.2 DIE ROOSTER ('n Leesaktiwiteit)

Bennie weet nie wanneer hy watter leerareas se klasse het nie en daarom moet hy 'n **klasrooster** kry. Hierdie klasrooster is nog nie voltooi nie. Lees die inligting en vul die rooster vir Bennie in.

PERIODES	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
1					
2					
3					
4					
	P	O	U	S	E
5					
6					
7					
	P	O	U	S	E
8					
9					
10					

Table 4.2

- Elke dag van die week begin ons met 'n godsdiensperiode in die periode vir Lewensoriëntering (LO), behalwe op 'n Vrydag, want dan is daar 'n saalbyeenkoms.
- Ons sluit die week af met twee liggaamsbeweging- (L.O.) periodes.
- Die vierde periode op 'n Dinsdag en op 'n Donderdag is Kuns en Kultuur(sang, dans en drama).
- Die drie periodes tussen die twee pouses op 'n Donderdag is Tegnologie.
- Elke dag, net na godsdiens en saal, is daar twee periodes Wiskunde.
- Op 'n Maandag, Woensdag en 'n Vrydag, net voor eerste pouse, is dit lees.
- Woensdae, net na tweede pouse, gaan die klas biblioteek toe.
- Die laaste twee periodes op 'n Woensdag is Kuns en Kultuur (kuns).
- Maandae, Dinsdae en Vrydae werk die klas aan temas (NW, SW en EBW) vanaf die vyfde periode tot tweede pouse.
- Al die periodes wat oorbly, is taalperiodes. Op Maandae en Woensdae is dit Afrikaans (TGK) en op die ander drie dae is dit Engels(LLC).

Assessering

4.3.2.1 LEERUITKOMS 3: LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

4.3.2.1.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- vir inligting lees;
- diagramme, grafiese en tabelle lees (soos 'n stamboom).

4.3.2.2 LEERUITKOMS 4: SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doelein-des te skryf.

4.3.2.2.1 Assesseringsstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 4.5 ontwikkelende kennis gebruik van taalstruktuur en – gebruik:
- 4.5.2 bekende woorde korrek spel.

4.3.2.3 LEERUITKOMS 5: DINK EN REDENEER

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

4.3.2.3.1 Assesseringsstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 5.3 inligting versamel en dit op verskillende maniere opteken:
- 5.3.2 byskrifte by eenvoudige kaarte, tabelle, grafieke en diagramme ontwerp, teken en skryf.

4.3.2.4 LEERUITKOMS 6: TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

4.3.2.4.1 Assesseringsstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- 6.3 sy/haar woordeskat ontwikkel:

- ongeveer 2 000 tot 3 500 alledaagse gesproke woorde binne konteks verstaan teen die einde van graad 4. Indien leerders die addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na 3 500 woorde te mik.

Memorandum

Aktiwiteit 1(b)

skool + tas

skool + boeke

skool + fonds

skool + klere

skool + bus

skool + wapen

Aktiwiteit 1(c)

boek + rak

potlood + sakkie

skryf + bord

kuns + klas

skool + hoof

speel + grond

sak + rekenaar

lees + boek

bord + kryt

kos + bakkie
Aktiwiteit 2

PERIODES	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG
1	Godsd	Godsd	Godsd	Godsd	Saal
2	Wisk	Wisk	Wisk	Wisk	Wisk
3	Wisk	Wisk	Wisk	Wisk	Wisk
4	Lees	K & K	Lees	K & K	Lees
	P	O	U	S	E
5	NW	NW	Afr	Teg	NW
6	SW	SW	Afr	Teg	SW
7	EBW	EBW	Afr	Teg	EBW
	P	O	U	S	E
8	Afr	Eng	Bibl.	Eng	Eng
9	Afr	Eng	K & K	Eng	LO
10	Afr	Eng	K & K	Eng	LO

Table 4.3

4.4 Dae, maande en jare⁴

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

Graad 4

SKOOLPRET

Module 35

DAE, MAANDE EN SEISOENE

Aktiwiteit 1

Om te leer om korrek te spel [LU 6.1.2]

4.4.1 'n Spelaktiwiteit

(a) Daar is sewe dae in die week. Skryf die sewe dae se name neer en leer die spelling van die woorde. Onthou om die dae se name met hoofletters te skryf. Soek uit die raampie die afkorting van elke dag. Bespreek in jul groepie hoekom ons afkortings gebruik.

Di.	Vr.	So.	Wo.	Ma.	Do.	Sa.
-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----

Table 4.4

Dae van die week Afkorting

.....

.....

⁴This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26258/1.1/>>.

.....
.....
.....
.....

